


**Die implikasies van die mensbeskouing in die Pauliniese briewe  
vir die morele status van die menslike embrio ten opsigte van  
stamselnavorsing: 'n Teologies-etiese perspektief**



J. G. van der Walt

13090569

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister  
Theologiae in (Etiek) aan die Potchefstroom kampus van die Noordwes-Universiteit

**Studieleiers:**

Studieleier: Prof. A.L. Rheeder

Medestudieleier: Prof. G.J.C. Jordaan

Mei 2013

# Voorwoord

In memoriam opgedra aan Dr. Leentie de Lange wat met haar blymoedigheid vir my 'n inspirasie was en nog steeds is.

Hiermee bedank ek graag die onderstaande persone en instansies:

- My vrou Antoinette vir die ondersteuning, geduld en bemoediging met hierdie studie.
- Professor Riaan Rheeder wat as studieleier by Dr. de Lange oorgeneem het en ook vir die motivering en bemoediging en terugvoer wat hy aan my gegee het om die studie te voltooi. Die ure wat hy aan die studie spandeer het en die geduld wat hy aan die dag gelê het, het my motiveer om die studie te voltooi.
- Professor Jorrie Jordaan vir sy hulp en leiding ten opsigte van die eksegetiese deel van hierdie studie en vir die tyd wat hy ten spyte van 'n besige skedule aan my en die studie afgestaan het. Sonder sy begeleiding sou ek nie so 'n deeglike eksegetiese studie kon doen nie.
- Die NWU wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie studie te kon doen.
- Die Gereformeerde Kerk Reddersburg vir die ondersteuning en tyd wat my gegun is om hierdie studie te voltooi.
- My kinders, Antelize, Johann en Mieke vir die opofferings wat hulle moes maak sodat ek op 'n laat ouderdom teologie kon gaan studeer.
- En laastens, maar die nie die minste nie aan my Hemelse Vader vir sy genade wat hierdie studie moontlik gemaak het.

*Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel (Ps. 73:28).*

George van der Walt  
Reddersburg  
2012

---

## Abstract

### **The implication of the Pauline letters' view on the human being for the moral status of the human embryo with regard to stem cell research: a theological-ethical perspective.**

Stem cell research offers hope to many people suffering from incurable diseases such as Alzheimer's disease, diabetes, heart disease and spinal back injuries. However this poses a moral dilemma because embryos are destroyed during embryonic stem cell research. To determine whether embryonic stem cell research is morally justifiable, two views in respect of a human being were considered:

- i. a human has a dualistic nature in which his body and soul are two separate entities  
or
- ii. his body and soul forms a unity which can not be separated.

If a human has a dualistic nature, it means that the embryo is not a human, it does not have a soul because the soul is added later to form a human. The implication of this is that it will be morally justifiable to kill an embryo during embryonic stem cell research. However if body and soul forms a unity which can not be separated, the embryo is a human which is already developing into a full grown human with several stages of development. It will thus not be morally justifiable to kill an embryo as this will violate the sixth commandment, i.e. "Thou shalt not kill."

To determine whether a human's body and soul is an inseparable unity or whether they are two separate entities, the Pauline letters' view on the human being was investigated. The research method employed was to do a comparative literary study to highlight the different aspects of stem cell research and then exegesis was done in respect of body (σῶμα / sōma); soul (ψυχὴ / psychē) and spirit (πνεῦμα / pneuma) in the Pauline letters according to the grammatical-historical method. An electronic Bible Concordance was used to determine the texts in which the above concepts appear. A semantic word analysis was also done to analyse these concepts. Then authoritative commentaries were used to check the findings.

The analysis indicated that Paul refers to a human as unity in which body and soul can not be separated. The implication of this finding is that embryonic stem cell research should be dismissed because it will result in the destruction of embryos. Humans will thus be killed in violation of the sixth commandment. On the other hand adult stem cell research should be encouraged because it has the potential to cure diseases which has up to now been incurable.

**Key words:** Stem cell research; embryonic stem cell research; adult stem cell research; Pauline letters' view on the human being; moral status of the human embryo; body; soul; spirit

---

## **Die implikasies van die mensbeskouing in die Pauliniese briewe vir die morele status van die menslike embryo ten opsigte van stamselnavorsing: 'n Teologies-etiese perspektief**

Stamselnavorsing bied hoop aan baie mense omdat dit die potensiaal vir genesing van ongeneeslike siektes soos Alzheimer-siekte, spinale rugbeserings, diabetes en hartsiektes, inhou. Die morele dilemma wat egter hiermee gepaard gaan is dat embrionale stamselnavorsing meebring dat embryo's vernietig moet word in die proses. Om te bepaal of dit moreel geregverdig kan word, is daar besin oor die twee sienings:

- i. die mens is 'n dualistiese wese waar liggaam en siel geskei kan word en
- ii. die siening dat die mens 'n eenheidswese is waar daar nie 'n onderskeid tussen liggaam en siel is nie.

Indien die mens 'n dualistiese wese is, beteken dit dat die embryo nie menswaardig is nie omdat dit nog nie 'n siel het nie. Die embryo is dan slegs 'n entiteit wat besig is om in 'n mens te ontwikkel en daarom kan dit vir stamselnavorsingsdoeleindes vernietig word. Indien die mens egter 'n eenheidswese is, beteken dit dat die embryo menswaardig is omdat die siel 'n onskeibare element van die menswees is en dat die embryo dus ook 'n siel het. Die embryo word dus gesien as 'n mens wat besig is om in 'n volwassene te ontwikkel volgens verskillende ontwikkelingsfases. Die embryo mag dus nie vernietig word nie omdat dit dan inderdaad 'n oortreding van die sesde gebod sal beteken.

Om te bepaal of die mens wel 'n eenheidswese is, is daar ondersoek ingestel of Paulus in sy briewe na die mens as 'n eenheidswese verwys of nie. In die navorsingsmetode wat gevolg is, is 'n vergelykende-literêre studie onderneem om die verskillende aspekte aangaande stamselnavorsing uit te lig. Eksegese oor die begrippe liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχή / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) in die Pauliniese literatuur is vanuit die gereformeerde tradisie volgens die grammaties-historiese metode gedoen. 'n Elektroniese Bybelkonkordansie is gebruik om 'n gemotiveerde seleksie te maak uit die Pauliniese briewe van toepaslike tekste waarin bogenoemde begrippe ter sprake is. 'n Semantiese woordontleding is gedoen waarvolgens bogenoemde begrippe ontleed is. Daar is ook van gesaghebbende kommentare gebruik gemaak om die gevolgtrekkings te toets.

Daar is bevind dat Paulus wel na die mens as 'n eenheidswese verwys. Die implikasie daarvan is dus dat embrionale stamselnavorsing afgewys moet word omdat die vernietiging van embryo's daarop neerkom dat mense doodgemaak word wat 'n oortreding van die sesde gebod is. Volwasse stamselnavorsing moet egter aangemoedig word omdat embryo's nie daardeur vernietig word nie en dit potensiaal het om verligting te bring ten opsigte van siektes wat tot op hede ongeneeslik was.

**Sleutelwoorde:** Stamselnavorsing; embrionale stamselnavorsing; Volwasse stamselnavorsing; mensbeskouing in die Pauliniese briewe; morele status van die menslike embryo; liggaam; siel; gees

---

## Inhoudsopgawe

<b>1</b>	<b>Hoofstuk 1: Inleiding .....</b>	<b>1</b>
1.1	Oriëntasie.....	1
1.2	Probleemstelling.....	3
1.3	Doelstelling .....	4
1.3.1	Oorhoofse doel.....	4
1.3.2	Spesifieke doelwitte .....	4
1.4	Die sentrale teoretiese argument .....	4
1.5	Navorsingsmetode .....	4
1.6	Hoofstukindeling .....	5
<b>2</b>	<b>Hoofstuk 2: 'n Oorsig oor stamselnavorsing .....</b>	<b>6</b>
2.1	Definisie van kernbegrippe.....	6
2.2	Stamselnavorsing, 'n oorsig.....	7
2.2.1	Inleidend.....	7
2.2.2	Embrioniese stamselnavorsing.....	9
2.2.3	Volwasse of somatiese stamselnavorsing .....	11
2.2.4	<i>In vitro</i> bevrugting .....	12
2.3	Etiese probleme ten opsigte van stamselnavorsing.....	13
<b>3</b>	<b>Hoofstuk 3 'n Beskrywing van Paulus se mensbeskouing in die Pauliniese briewe soos wat dit in terme van liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) uitgedruk word.....</b>	<b>15</b>
3.1	Inleiding .....	15
3.2	Die tersaaklike Skrifdele .....	16
3.3	Sleutel terme ten opsigte van die mensbeskouing in die briewe van Paulus .....	16
3.4	Guthrie se gevolgtrekking ten opsigte van 1 Tessalonisense 5:23 .....	18
3.5	Eksegese en hermeneuse.....	19
3.5.1	Besondere kanoniek en openbaringsbetekenis van 1 Tessalonisense .....	20
3.5.1.1	Die Skrywer en geadresseerde van die brief .....	20
3.5.1.2	Die tyd en plek van ontstaan van die brief .....	20
3.5.1.3	Die aanleiding en doel met die skrywe van die brief .....	21
3.5.1.4	Die openbaringsbetekenis in die Kanon.....	21
3.5.1.5	Sentrale mededeling van die teks.....	21

3.5.2	Detailontleding van 1 Tessalonisense 5:23.....	22
3.5.2.1	Sintaktiese ontleding van 1 Tessalonisense 5:23.....	23
3.5.2.2	Gedagte-opbou van 1 Tessalonisense 5:23.....	24
3.5.2.3	Stylontleding van 1 Tessalonisense 5:23.....	25
3.5.2.4	Woordstudie van die begrippe liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) .....	26
3.5.3	Sintese 1 Tessalonisense 5:23 .....	46
3.5.3.1	Sentrale mededeling van 1 Tessalonisense 5:23.....	46
3.5.3.2	Openbaringshistoriese lyne .....	47
3.5.3.3	Openbaringshistoriese lyne vanuit die res van die Nuwe Testament .....	50
3.5.4	Voorlopige eksegetiese konklusie.....	51
3.5.5	Kontrole aan die hand van eksegetiese bronne: 1 Tessalonisense 5:23.....	52
3.5.6	Kontrole aan die hand van dogmatiese bronne.....	52
<b>3.6</b>	<b>Gevolgtrekking: 1 Tessalonisense 5:23.....</b>	<b>53</b>
<b>4</b>	<b>Hoofstuk 4: Gevolgtrekkings ten opsigte van die morele status van die embryo en die implikasies daarvan ten opsigte van stamselnavorsing.....</b>	<b>54</b>
<b>5</b>	<b>Hoofstuk 5: Samevatting.....</b>	<b>56</b>
	<b>Bibliografie.....</b>	<b>57</b>

# 1 Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Oriëntasie

Bio-etiek is 'n wetenskap wat tans baie vinnig ontwikkel. Uit die aard van hierdie spesifieke wetenskap is daar baie etiese vrae wat as gevolg van hierdie ontwikkeling ontstaan. Stamselnavorsing is een van die velde in bio-etiek wat besonder kontroversieel is, veral embrioniese stamselnavorsing omdat dit die vernietiging van menslike embryo's tot gevolg het (Vorster, 2009:1).

Die voorstanders van stamselnavorsing beywer hul daarvoor omdat dit baie potensiaal inhou deurdat dit die moontlikheid bied van hernubare selle waarmee selle en weefsel vervang kan word en siektes wat tot op hede as ongeneeslik beskou is soos byvoorbeeld Alzheimer-siekte, spinale rugbeserings, diabetes en hartsiektes daarmee genees kan word (Anon, 2009a: Stem Cell Basics).

Alhoewel daar redelik baie standpunte gestel word wat bogenoemde etiese kwessies aanspreek soos byvoorbeeld die Rooms-Katolieke Kerk se standpunt wat embrioniese stamselnavorsing as oneties afwys (Levada & Ladaria, 2008:19), is daar relatief min navorsingsartikels vanuit gereformeerde agtergrond beskikbaar. Die berigte in die nuus aangaande stamselnavorsing verwys ook gereeld na die Katolieke kerk se siening oor die morele aspekte rondom die saak (AP, 2010) terwyl die gereformeerde stem daarvoor nie so gereeld<sup>1</sup> herhaal word nie.

'n Boek genaamd "A Reformed look at life and death choices" (Groenhout, 2009) stel teleur deurdat daar vae algemene antwoorde verskaf word sonder om die standpunte wat gestel is, te motiveer. Hoewel Groenhout (2009; 99-102) die standpunt voorhou dat dit moreel verkeerd is om embryo's vir navorsingsdoeleindes te kweek, word geen beginsels gestel waarop hierdie standpunt gebaseer is nie. Aan die ander kant word die standpunt gehuldig dat oortollige embryo's wat nie gebruik word by 'n *in vitro* bevrugtingsproses nie, wel gebruik kan word vir stamselnavorsing aangesien hulle in elk geval gaan doodgaan (Groenhout, 2009:99-102). Hoewel die titel van die boek die benadering as gereformeerde voorstel is die

---

<sup>1</sup> Die Gereformeerde stem word byna nooit in die algemene pers gehoor nie en bly beperk tot die akademiese vlak, terwyl daar gereeld berig word oor die Katolieke kerk se standpunt. 'n Voorbeeld hiervan is die berig oor die Vatikaan wat 'n vennootskap met 'n Amerikaanse biotegniese maatskappy aangegaan het om volwasse stamselnavorsing te bevorder. As daar na die kerk se standpunt oor die saak verwys word, kan die Katolieke kerk se standpunt deur die volgende aanhaling verwoord word: "Church teaching holds that life begins at conception. As a result, the Vatican opposes embryonic stem cell research because embryos are destroyed in the process." (AP, 2011).

argumentasie in die boek dus nie werklik gemotiveer vanuit beginsels wat op die Bybel gegrond is nie, maar berus dit eintlik op 'n pragmatiese perspektief.

In 'n artikel met die opskrif "Embryonic stem cells and a Reformed Christian world view: A response to Robert Boomsma" (Teo & Callbreath, 2006:179) word die standpunt gestel dat navorsing wat menslike embrio's vernietig 'n direkte aanval op die waardigheid van 'n mens is wat dan inderwaarheid die waardigheid van die beeldskap van God aantast. Alhoewel die artikel op twee plekke na die Ou Testament verwys (Jer. 1:5 & Ps. 139:13-16) (Teo & Callbreath, 2006:183), word die redenasie nooit direk aan 'n argument uit die Skrif gekoppel nie. Teo en Callbreath (2006:179) maak wel 'n stelling dat die Bybelse standpunt gegrond is in die siening dat liggaam en siel 'n menslike eenheid is, maar hulle lewer egter geen direkte bewyse of beredenering uit die Bybel om dit te ondersteun nie.

In nog 'n navorsingsartikel vanuit 'n gereformeerde perspektief word die standpunte van verskillende benaderings oor die menswaardigheid van die embrio in die debat oor stamselnavorsing beredeneer (Vorster, 2009). Die gevolgtrekking is gemaak dat daar in die vraag na die menswaardigheid van die mens, bepaal moet word of die embrio slegs 'n organisme of 'n losstaande fase van menslike ontwikkeling of 'n potensiële mens of 'n ontwikkelende mens is (Vorster, 2009:21). Rheeder (2002:475) wys daarop dat die vraag of lewe met of na konsepsie begin, bepalend is wanneer daar besluit moet word hoe daar teenoor die menslike embrio opgetree moet word. Daar is ook sommige juriste en bioetici wat van mening is dat die begrip "menswaardigheid" nutteloos is en dat dit geen bydrae lewer tot die bioëtik nie (Rheeder, 2009:315). Daarteenoor toon Rheeder (2009:336) aan dat die begrip "menswaardigheid" baie belangrik is en dat die mens aan onmenswaardige diskriminasie daarsonder uitgelewer sal wees.

Verder redeneer Vorster (2010) vanuit 'n deontologiese Christelike perspektief dat die embrio wel menswaardig is. In die artikel word drie Bybelse konsepte vanuit die Ou Testament ondersoek om te motiveer dat 'n embrio menswaardig is naamlik:

- i. die skepping van die mens as 'n lewende wese met die asem van God (*nephesh*)
- ii. die skepping van die mens as beeld van God en
- iii. die siening van die mens as verbondswese.

Die gevolgtrekking is gemaak dat die embrio as 'n naaste gesien moet word en dat naasteliefde as kerneienskap van die deontologiese Christelike etiek ook aan die embrio gegee moet word (Vorster, 2010:2). Rheeder (2002:493-494) kom tot die gevolgtrekking dat volgens die Skrif (soos aangetoon in Job 3:3; Ps. 51:7; Heb. 7:10 en Eks. 21:22-25) menslike lewe nie in 'n laterestadium ná geslagsgemeenskap of konsepsie begin nie. Die waarde van



'n embryo word nie deur vermoë bepaal nie en daarom is dit uit 'n Christelike oogpunt onaanvaarbaar dat menslike embryo's tydens navorsing vernietig word.

Rheeder (2008a:495) gee ook 'n oorsig oor stamselnavorsing waarin aandag gegee word aan die tegniese uitvoerbaarheid en vordering van stamselnavorsing. Daarin word aangetoon dat indien daar 'n oplossing vir die tegniese en etiese probleme gevind kan word, daar baie potensiaal in hierdie mediese tegnologie is met goeie vooruitsigte vir die genesing van verskeie siektes wat tot op hede ongeneeslik is. In 'n daaropvolgende artikel word 'n etiese en filosofiese beoordeling in die lig van die Skrif gedoen oor die vraagstuk of menslike embryo's met die oog op moontlike genesing vernietig mag word (Rheeder, 2008b:710). Die gevolgtrekking word gemaak dat lewe volgens die Skrif nie op 'n verdere stadium na konsepsie begin nie en dat die Bybel die mens as beeld van God oproep om alle voorgeboortelike lewe te beskerm. Dit is dus eties onaanvaarbaar om met menslike embryo's te eksperimenteer of om hul met die doel op vernietiging te skep (Rheeder, 2008b:729).

In die debat of stamselnavorsing eties geregverdig kan word of nie word dikwels verwys na die tydstop in die ontwikkeling van die embryo waar die mens sy siel kry. Die Engelse term "ensoulment" word hiervoor gebruik. Devolder en Harris, (2007:17) opper byvoorbeeld die beswaar dat verdeling en eenwording van die embryo daarop dui dat die siel nie vanaf konsepsie teenwoordig kan wees nie. Dit is duidelik dat hier vanaf die veronderstelling uitgegaan word dat liggaam en siel twee aparte entiteite is. Vanuit hierdie benadering kom die argument dat 'n embryo slegs die potensiaal het om 'n mens te word (Devolder & Harris, 2007:19).

In die briewe van Paulus word daar ook dikwels verwys na liggaam en siel en in een geval na liggaam, siel en gees (vgl. 1 Tess. 5:23). Guthrie (1981:163) dui aan dat in Paulus se geskryfte die volledige Nuwe-Testamentiese uiteensetting van die siening van 'n mens gevind word waarin die mens se liggaam en siel as 'n eenheid beskryf word.

## **1.2 Probleemstelling**

Alhoewel daar wel enkele bronne is wat die etiese vraagstuk van stamselnavorsing vanuit 'n gereformeerde standpunt beredeneer, is die fokus daarvan in hoofsaak op die Ou Testament. Daar kon nie spesifieke navorsing gevind word wat die morele status van 'n embryo ondersoek waarin die Nuwe Testamentiese gegewens eerstehands verreken word nie.

Die dualistiese mensbeskouing wat skeiding maak tussen liggaam en siel lei daartoe dat 'n embryo beskou word as 'n entiteit met die potensiaal om in 'n mens te ontwikkel met die

gevolgtrekking dat embrioniese stamselnavorsing dus nie oneties is nie. Hierdie benadering lig die gebrek aan Nuwe Testamentiese beredenering nog verder uit en daarom wil die navorser met hierdie skripsie 'n eerste tree in dié rigting gee.

Alhoewel daar geen direkte verwysing in die Bybel na die morele status van 'n embryo is nie, kan daar tog sinvolle afleidings daarvoor gemaak word vanuit die mensbeskouing in die Pauliniese briewe.

### **1.3 Doelstelling**

#### **1.3.1 Oorhoofse doel**

Die doel van hierdie studie is dus om te bepaal watter afleidings vanuit die mensbeskouing in die Pauliniese briewe gemaak kan word om daardeur 'n gereformeerde perspektief oor die morele status van die embryo ten opsigte van stamselnavorsing te kry.

#### **1.3.2 Spesifieke doelwitte**

- Om 'n kort uiteensetting van die vakterminologie wat by stamselnavorsing ter sprake is te verskaf om 'n verduideliking van wat stamselnavorsing is te gee en om te bepaal waarom dit sulke kontroversiële etiese vrae tot gevolg het.
- Om 'n beskrywing van die mensbeskouing in die Pauliniese briewe te gee soos wat dit in terme van liggaam (*sōma*); siel (*psychē*) en gees (*pneuma*) uitgedruk word.
- Om te bepaal watter afleidings op grond van die bevindings by die vorige doelwit gemaak kan word ten opsigte van die menswaardigheid van die embryo en om aan te toon watter implikasies dit vir embrioniese stamselnavorsing inhou.

### **1.4 Die sentrale teoretiese argument**

Die sentrale teoretiese argument is dat die embryo nie 'n entiteit is wat besig is om in 'n mens te ontwikkel nie, maar dat die embryo 'n mens is wat besig is om te groei en daarom menswaardig is.

### **1.5 Navorsingsmetode**

'n Vergelykende-literêre studie gaan onderneem word om die verskillende aspekte aangaande stamselnavorsing uit te lig.

Eksegese oor die begrippe liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχή / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) in die Pauliniese literatuur gaan vanuit die gereformeerde tradisie volgens die grammaties-historiese metode gedoen word (Coetzee, 1990:17). Met die oog hierop sal aan

die hand van 'n elektroniese Bybelkonkordansie 'n gemotiveerde seleksie uit die Pauliniese briewe van toepaslike tekste waarin onderstaande begrippe ter sprake is, gedoen word:

- liggaam (σῶμα / sōma)
- siel (ψυχὴ / psychē)
- gees (πνεῦμα / pneuma)

'n Semantiese woordontleding gaan gedoen word waarvolgens bogenoemde begrippe komposisioneel, diakronies en teologies ontleed word. Verder gaan daar ook van gesaghebbende kommentare gebruik gemaak word om die gevolgtrekkings te toets.

## 1.6 Hoofstukindeling

- Inleiding – stel die oriëntasie en probleemstelling.
- 'n Oorsig van stamselnavorsing – 'n verduideliking van wat stamselnavorsing behels. Omdat *in vitro*-bevrugting so nou betrokke is en dieselfde etiese kwessies daarby ook ter sprake is, sal dit ook kortliks verduidelik word.
- 'n Beskrywing van die mensbeskouing in die Pauliniese briewe soos wat dit uit terme van liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) blyk.
- Gevolgtrekkings ten opsigte van die morele status van die embryo en die implikasies daarvan ten opsigte van stamselnavorsing.
- Samevatting.

## 2 Hoofstuk 2: 'n Oorsig oor stamselnavorsing

In hierdie hoofstuk gaan die definisies van die kernbegrippe wat by stamselnavorsing ter sprake is, gegee word asook 'n kort oorsig oor stamselnavorsing. Aangesien embrioniese stamselnavorsing hoofsaaklik gedoen word met die surplus embrio's wat van *in vitro* bevrugting afkomstig is (Haines & Tayler, 2011:334), gaan dit ook kortliks beskryf word. Verder gaan die etiese probleme wat uit stamselnavorsing voortvloei kortliks toegelig word.

### 2.1 Definisie van kernbegrippe

- i. **Bio-etiek:** Bio-etiek bestudeer teologiese, filosofiese, sosiale en wetlike aspekte wat ontstaan in die mediese en lewenswetenskappe. Alhoewel dit hoofsaaklik op menslike lewe fokus, kan etiese kwessies uit die niemenslike biologiese omgewing ook hieronder ingedeel word. Bio-etiek is egter wyer as mediese etiek omdat dit nie souseer op gesondheidspraktyke alleen fokus nie, maar veral ook op die resultate van navorsing in areas soos kloning, geenterapie, genetiese manipulasie (waarvan die nuutste ontwikkeling sintetiese biologie is), stamselnavorsing, orgaanoorplanting vanaf diere na mense asook die verlenging van menslike lewe (Chadwick, 2010). Volgens artikel 1 in die deklarasie van bio-etiek en menseregte blyk dit dat die term, mediese etiek met bio-etiek vervang is. In bogenoemde deklarasie word bio-etiek soos volg gedefinieer:

*Die deklarasie van bio-etiek verwys na etiese kwessies en prosedures wat verband hou met mediese aspekte, lewenswetenskappe en aanverwante tegnologie soos dit op mense toegepas word terwyl dit hul sosiale, wetlike en omgewings dimensies in ag neem (UNESCO, 2005:6).*

- ii. **Stamselle:** Stamselle is ongedifferensieerde selle wat die potensiaal het om in verskillende tipes liggaamselle te ontwikkel. Stamselle het die vermoë om vir 'n onbepaalde tyd aan te hou met selverdeling (Anon, 2009a).  
Die volgende twee bepalende eienskappe is kenmerkend van stamselle:
  - a. die vermoë om te regenerereer, dit wil sê die selle genereer meer selle, maar dit verander nie,
  - b. die vermoë om te differensieer, dit wil sê dit ontwikkel tot ander liggaamsdele of organe (Kochar, 2004; Rheeder, 2008a:474).
- iii. **Embrioniese stamselle:** Dit is ongedifferensieerde (stam)selle wat van embrio's verkry word. Die meeste embrioniese stamselle word van oortollige bevrugte eierselle verkry wat deur 'n *in vitro* bevrugtingsproses tot stand gebring is en wat vir

navorsingsdoeleindes geskenk is. Dit word dan in 'n groeimedium geplaas waar dit verdeel sonder om te differensieer. Dit staan ook as *pluripotente* selle bekend omdat hulle die vermoë besit om te kan ontwikkel tot die meeste liggaamselle of organe soos byvoorbeeld 'n hart, brein of bloedselle. Embrionale stamselle het die vermoë om defekte selle se werk oor te neem omdat hulle deur 'n proses van integrasie stamselle vir byna enige orgaan kan word (Anon, 2009a; Rheeder, 2008a; 475).

- iv. **Ongedifferensieerde selle:** Dit is selle wat nog nie 'n gespesialiseerde funksie het nie en wat nog nie in spesifieke orgaanselle ontwikkel het nie (Palmer, 2004).
- v. **Gedifferensieerde selle:** Dit is selle wat 'n spesifieke funksie in die liggaam verrig soos byvoorbeeld bloedselle, nierselle, lewerselle ensovoorts (Anon, 2010b).
- vi. **Volwasse stamselle:** Dit staan ook bekend as somatiese stamselle (ANON, 2009a). Die verwysing na volwasse stamselle dui op stamselle van spesifieke weefsel in die liggaam. Dit is ongedifferensieerde selle wat tussen gedifferensieerde selle in die weefsels of organe van volwassenes, kinders en fetusse gevind word soos byvoorbeeld in die brein, bloed, lewer en vel. Volwasse stamselle het die vermoë om hulself te hernu of om te differensieer om al die gespesialiseerde selteipes binne die spesifieke weefsel van die orgaan te vorm. Die hoofdoel van volwasse stamselle is om die orgaanweefsel waarbinne hulle voorkom te herstel en in stand te hou. (Anon,2010b). Hierdie tipe stamselle werk normaalweg net binne die organe waarin hulle gevind word en is dus meer beperk tot die selle en organe waartoe hulle kan ontwikkel. So sal stamselle van die hart net binne die hart gebruik kan word (Rheeder, 2008a:475). Anders as embrioniese stamselle kan volwasse stamselle dus normaalweg nie in verskillende tipe liggaamsdele ontwikkel nie.
- vii. ***In vitro* bevrugting:** Beteken letterlik 'in glas'. *In vitro*-bevrugting dui op die proses waar 'n eiersel buite 'n lewende liggaam in 'n laboratorium bevrug word en dan daarna in die baarmoeder terug geplaas word, waarna die swangerskap en geboorte daarvandaan normaal voortgaan (Merriam-Webster, 1996; Tizzard, 2003:81).

## 2.2 Stamselnavorsing, 'n oorsig

### 2.2.1 Inleidend

Stamselnavorsing het die potensiaal om die toekoms van mediese behandeling ingrypend te verander omdat stamselle die vermoë het om siek en beskadigde organe te herstel (Kochar,

2004). Stamselnavorsing bied vir baie mense wat aan ongeneeslike siektes<sup>2</sup> ly weer hoop (Winslow, 2010:i). Stamselle het die merkwaardige potensiaal om in baie verskillende tipes selle te ontwikkel tydens die groeiproses van die liggaam. Binne die weefsels van verskillende organe voer stamselle die funksie van 'n interne herstellmeganisme uit waar hulle basies onbeperk kan aanhou verdeel. Wanneer 'n stamsel verdeel, het dit die potensiaal om 'n stamsel te bly of om 'n ander tipe sel te word met 'n meer gespesialiseerde funksie soos byvoorbeeld 'n spiersel, 'n rooibloedsel of 'n breinsel (Anon, 2009b).

Stamselle bied verder ook die geleentheid aan medici om selverdeling en seldifferensiasie te bestudeer. Dit sal hulle in staat stel om die verloop en afloop van genetiese siektes te verstaan. Dit bied ook besondere en nuwe materiaal om die veiligheid en effektiwiteit van nuwe medisyne te toets. Stamselle kan ook gebruik word in die diagnosering van siektes (Rheerder, 2008a:471-472). Stamselnavorsing bied inderdaad wonderlike nuwe geleenthede en hoop vir die genesing van siektes wat tot nou toe ongeneesbaar was.

Daar is basies drie tipes stamselle: (Anon, 2010c)

- i. **Totipotente stamselle:** Dit is stamselle wat die vermoë besit om in 'n mens te ontwikkel. 'n Voorbeeld hiervan is 'n bevrugte eiersel.
- ii. **Pluripotente stamselle:** Dit is stamselle wat in enige tipe orgaan soos 'n nier, 'n hart of 'n brein van die liggaam kan ontwikkel. Die stamselle kan egter nie in 'n volledige mens ontwikkel nie. 'n Voorbeeld hiervan is embrioniese stamselle wat van 'n vyf tot sewe dae oue gekweekte embryo onttrek kan word.
- iii. **Multipotente stamselle:** Dit is stamselle wat net in dieselfde tipe weefsel kan differensieer soos byvoorbeeld beenmurgselle. 'n Beenmurgsel kan in 'n ander beenmurgsel differensieer, maar nie in 'n nier of 'n hart ontwikkel nie.

Die bronne waaruit stamselle verkry kan word:

- **Embrioniese stamselle:** Dit word geoes vanuit die binne-selmassa van 'n blastosis of embryo vyf tot sewe dae na bevrugting van 'n eiersel (Yu & Thompson, 2010:1).
- **Fetale stamselle:** Dit word dikwels uit die weefsel geneem wat deel uitmaak van die eierstokke of testes van 'n geaborteerde fetus (Anon, 2008).
- **Naelstringstamselle:** Dit word uit die bloed van die naelstring geneem en dit bevat stamselle wat ooreenstem met die stamselle wat in die beenmurg van 'n pasgebore baba teenwoordig is (Anon, 2008).

---


<sup>2</sup> Siektes soos byvoorbeeld leukemie, Parkinson se siekte, hartsiektes en selfs persone wat verlam is.

- **Stamselle vanuit die plasenta:** Dit is soortgelyk aan dié wat uit 'n naelstring verkry word. Die voordeel is egter dat daar baie meer stamselle uit die plasenta onttrek kan word (Anon, 2008).
- **Volwasse stamselle:** Weefsel soos beenmurg, bloed, longe, kornea, die retina van die oog, die brein, spierweefsel, lewer, vel, tandmurg<sup>3</sup> en die pankreas kan gebruik word om somatiesse selle te verkry. Die meeste inligting wat beskikbaar is van volwasse stamselle is ten opsigte van bloedvormende stamselle wat uit beenmurg geïsoleer is (Kirschstein & Skirboll, 2010).

In wese is daar egter twee hoofkategorieë van stamselle, naamlik stamselle uit die embrio en volwasse stamselle wat in die klaar ontwikkelde organe of weefsel in die liggaam gevind word. Embrioniese stamselle kan tot die meeste liggaamsdele en organe ontwikkel en dit het die vermoë om met byna enige orgaan te integreer en 'n stamsel vir daardie orgaan te word. Volwasse stamselle is egter meer beperk tot die selle en organe waartoe hulle kan ontwikkel omdat hulle geneig is om slegs te werk binne die organe waar hulle gevind word (Rheeder. 2008a:475).

## 2.2.2 Embrioniese stamselnavorsing

Embrioniese stamselle word geoes uit 'n blastosis. Direk nadat 'n eiersel bevrug is, begin hierdie enkele sel verdeel. Die selle verdubbel elke slag en sodoende vind vinnige groei plaas totdat dit op 'n ouderdom van vyf tot sewe dae in 'n hol sfeer ontwikkel wat die blastosis genoem word (Chaudry, 2009). Figuur 1 hieronder toon die proses grafies aan:



Figuur 1.

Bron: <http://www.accessexcellence.org/RC/VL/GG/blastocyst.php> (datum van gebruik 2 Nov. 2009)

<sup>3</sup> Die weefsels in die binneste holte van die tand waarin die senuwee en bloedvate voorkom (Anon,2010d).

Die meeste embrioniese stamselle word verkry van oortollige embrio's wat deur middel van *in vitro* bevrugtings-tegnieke bevrug geskep is.

Die surplus embrio's word met die toestemming van die donateurs vir navorsing beskikbaar gestel. (Anon, 2010a).


Die binne selmassa word uit blastosis verwyder en in 'n groeimedium geplaas waar die selle dan verdeel en oor die medium versprei soos in figuur 2 hier langsaan uitgebeeld is. Laasgenoemde proses lei noodwendig tot die vernietiging van die embrio.

Die ongedifferensieerde selle word dan gestimuleer om in gespesialiseerde seltipes te ontwikkel (Anon, 2010a).

Alhoewel die navorsing ten opsigte van embrioniese stamselle ver gevorderd is, is dit tans nog nie op daardie punt waar embrioniese stamselle gereedlik vir die behandeling van siektetoestande gebruik kan word nie, aangesien daar nog verskeie struikelblokke bestaan wat te bowe gekom moet word. Die grootste probleem tot op hede is dat oorgeplante selle deur die immuunstelsel verwerp kan word en dat die selle 'n spesiale tipe tumor vorm wat 'n teratoom genoem word (Knoepfler, 2010a & Seminatore *et al*, 2010). 'n Teratoom beteken letterlik iets soos 'n monster tumor. Dit is 'n mengsel van allerlei weefsel wat tande, hare, oë en bene kan insluit (Knoepfler, 2010b).

Ten spyte van bogenoemde probleme is daar sommige navorsers wat positief is dat die probleme te bowe gekom sal kan word met genoegsame navorsing (Knoepfler, 2010a). Daar is egter ook diegene wat die mening huldig dat enige voordele wat uit embrioniese stamselnavorsing mag voortvloei ten minste nog 'n dekade ver is en dat die potensiaal van embrioniese stamselnavorsing oorskakel word (George & Berg, 2007).

Ten spyte van hierdie bedenkinge is daar egter al reeds redelik taamlieke suksesse bereik. Amerikaanse en Israeliese navorsers het reeds in 2001 al reggekry om menslike embrionale stamselle te laat differensieer tot betapankreatiese selle wat insulien afskei. Verder is daar ook baie belofte met die oorplanting van embrionale stamselle in diere. So is daar byvoorbeeld filiaalbloedstamselle wat uit menslike embrio's geïsoleer is in muis met



Figuur 2. Bron: <http://www.stemcellresearchfoundation.org/WhatsNew/Pluripotent.htm> (datum van gebruik 20 Sep. 2010)



beskadigde harte ingespuut. Dit het daartoe gelei dat die beskadigde hart herstel is en verder het dit ook tot 'n nuwe en kapillêre sisteem gelei. Deur middel van muisembrionale stamselle het navorsers reggekry om die beseerde rugmurg van rotte te herstel. Daar is selfs reggekry om aan muise 'n nuwe immunitetiesisteem te gee (Rheeder, 2008a:479-480).

Bogenoemde is maar enkele voorbeelde van die vordering wat ten opsigte van embrioniese stamselnavorsing gemaak is. Alhoewel daar dus nog groot uitdagings is wat oorkom moet word, lê daar 'n belowende potensiaal in hierdie veld wat ontgin kan word om organe te herstel.

### **2.2.3 Volwasse of somatiese stamselnavorsing**

Volwasse stamselle is ongedifferensieerde selle wat tussen die gedifferensieerde selle van die verskillende organe in die liggaam gevind word. Hierdie selle regeneer hulself en hulle differensieer na die spesifieke tipe selle van die orgaan waarin hulle is. Hulle primêre funksie is om die weefsel waarin dit voorkom in stand te hou en te hernu. Die mees bekende hiervan is beenmurgstamselle wat al vir die afgelope veertig jaar gebruik word om nuwe bloedselle te maak (Anon, 2010b).

Die navorsing ten opsigte van volwasse stamselle gaan onverpoos voort en navorsers het al volwasse stamselle in heelwat meer verskillende tipes weefsel gevind as wat hulle voorheen gedink het, moontlik was. Die selle kan vir lang periodes rustend wees sonder dat hulle verdeel totdat hulle geaktiveer word om die weefsel in stand te hou of te herstel waar dit deur beserings of siekte beskadig is (Anon, 2010b).

Die probleem wat hierby betrokke is, is dat daar relatief min van hierdie tipe selle op 'n spesifiek plek beskikbaar is en sodra dit uit die liggaam verwyder is, is hul vermoë om te verdeel redelik beperk. Dit maak dit moeilik om groot hoeveelhede te verkry wat nodig word om behandeling toe te pas. Buiten die behandelings wat reeds ontwikkel is bestaan daar ook die potensiaal om behandelings te ontwikkel om selle te skep wat insulien vir tipe 1 diabetes kan vervaardig en verder ook selle te ontwikkel wat beskadigde hartspiere as gevolg van 'n hartaanval kan herstel (Anon, 2010b). Die groot beperking in die verlede was dat volwasse stamselle nie na ander organe as dié waarin dit voorkom kon differensieer nie.

Die Japannese navorser Shinya Yamanaka het egter vier jaar gelede aangetoon dat gewone selle wel verander kan word in selle wat dieselfde eienskappe as embrioniese selle het. Dit staan in Engels as "induced pluripotent stem cells" (iPS) bekend (Weintraub, 2010). Die voordeel van hierdie tegniek is dat die pasiënt se eie velselle gebruik kan word en omdat dit sy eie gene bevat word die probleem van verwerping uitgeskakel (Roach, 2008). Die tegniek

behels basies dat DNS gebruik word om vier proteïene te verander wat nodig is om die sel te herprogrammeer (Weintraub, 2010). Deur die gebruik van iPS selle word die noodsaak om embrio's te vernietig dus uitgeskakel.

Hierdie tegniek is egter baie ondoeltreffend omdat slegs een uit elke 1 000 of 10 000 velselle daardeur in 'n stamsel verander kan word. Dit verander ook die sel se gene wat kan bydra tot die vorming van kankerselle en ook ander moontlike probleme kan voortbring (Weintraub,2010).

Die nuutste navorsing in hierdie veld dui egter daarop dat bogenoemde probleme wel te bowe gekom kan word. Deur sintetiese DNS te gebruik in plaas van natuurlike DNS word die probleem dat die sel se gene verander moet word, uitgeskakel. Die nuwe benadering is ook baie doeltreffender as die vorige proses en die moontlikheid bestaan dat dit selfs honderdvoudig meer doeltreffend kan wees (Warren *et al*, 2010).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat alhoewel die potensiaal tot nou toe ten opsigte van volwasse stamselnavorsing meer beperk was as embrioniese stamselnavorsing, dit tog wil voorkom asof die vordering wat in hierdie veld gemaak word daarop dui dat dit net soveel potensiaal as embrioniese stamselnavorsing kan hê.

#### **2.2.4 *In vitro* bevrugting**

*In vitro* beteken letterlik 'in glas'. In die algemeen beteken dit buite 'n liggaam in 'n kunsmatige omgewing (Merriam-Webster,1996). Dit is dus die proses waar 'n eiersel buite 'n liggaam in 'n laboratorium bevrug word en dan daarna in die baarmoeder terug geplaas word, waarna die swangerskap en latere geboorteproses daarvandaan normaal voortgaan (Tizzard, 2003:81).

Soos reeds hierbo aangetoon, is die hoofbron van embrioniese stamselle oortollige embrio's wat ontstaan as gevolg van *in vitro* bevrugtings prosedures (Anon, 2010a). In die VSA alleen bly daar duisende embrio's oor wat nie in die *in vitro* bevrugtingsproses gebruik word nie, en moet hierdie oortollige embrio's dus vernietig word. Mannenin ( 2007:101) maak die volgende stelling:

*“Respect for surplus in vitro fertilised embryos is best manifested by using them in important research that will allow their existence to have some impact on the world”*

Die redenasie is dus dat hierdie embrio's vir navorsing beskikbaar gestel moet word en dat dit juis die manier is waarop respek vir hierdie embrio's getoon sal word. Hierdie argument toon aan dat dit op 'n pragmatiese siening van die menslike embrio gebaseer is.

Die debat rondom *in vitro* bevrugting sentreer egter nie juis meer so sterk op die morele status van die embrio nie, maar dit het nou 'n ander fokus, naamlik wie mag toegang tot *in vitro* bevrugting kry en hoekom (Tizzard, 2003:81). Oor die algemeen is mense nie meer so besorg oor die feit dat *in vitro* bevrugting tot gevolg het dat embrio's vernietig moet word nie en word die verlies aan embrio's beskou as 'n prys wat die moeite werd is om te betaal om die onvrugbare egpare te help om kinders te hê (Tizzard, 2003:82).

Alhoewel *in vitro* bevrugtingstegnieke dus net so kontroversieel is ten opsigte van die status van die embrio as wat embrioniese stamselnavorsing is, wil dit voorkom asof *in vitro* bevrugting as 'n gegewe beskou word wat dan as 'n byproduk 'n bron van embrio's vir embrioniese stamselnavorsing kan wees.

### **2.3 Etiese probleme ten opsigte van stamselnavorsing**

Stamselle is inderdaad merkwaardige boustene van die liggaam wat die vermoë besit om beskadigde weefsel te herbou of te vervang. Stamselnavorsing het dan ook ten doel om maniere te vind waarmee ongeneeslike siektes soos byvoorbeeld Parkinsons, Alzheimer, hartsiektes, diabetes, osteoartritis, gesigs en gehoorverlies, rugbeserings en vele meer genees kan word. Dit hou dus geweldig potensiaal in om die lot van die mensdom te verbeter.

Hierdie navorsing is egter nie sonder kontroversie nie. Die hoofprobleem is dat die een kategorie, naamlik embrionale stamselnavorsing tot gevolg het dat die menslike embrio's wat in die navorsing gebruik word, vernietig word (vgl. 1.2.2). Volgens Rheeder (2008b:472) bring dit mee dat daar groot etiese bekommernisse onder die publiek en ook by stamselnavorsers oor die saak voorkom met die gevolg dat stamselnavorsing wêreldwyd kontroversieel is. Om hierdie rede word dit globaal gedebatteer. Omdat hierdie tegnologie nog in sy kinderskoene staan en nog nie eties volledig deurdink is nie, benodig dit dringend teologiese refleksie en morele oorweging (Rheeder, 2008b:472).

Die bespreking rondom hierdie saak bring weereens die vraag na die status van die embrio na vore (Vorster, 2010:2). Die debat in verband met die status van die embrio is nie uniek by stamselnavorsing nie aangesien dit ook by aborsie en *in vitro* bevrugting voorgekom het (Feinberg *et al*, 1996:57). In hierdie bespreking varieer die standpunte vanaf die standpunt dat die embrio geen status het nie tot standpunte dat die embrio dieselfde status as 'n mens geniet en derhalwe al die regte wat enige persoon het, behoort te geniet. McMahan (2007:50) kom byvoorbeeld tot die slotsom dat daar geen morele beswaar behoort te wees om 'n embrio dood te maak nie. Hy is van mening dat die doodmaak van 'n embrio op dieselfde morele vlak lê as die vernietiging van 'n eiersel of 'n spermsel. Daarteenoor kom

Vorster (2010:16) tot die slotsom dat die embrio na die beeld van God geskep is en dat die embrio dus op grond daarvan gerespekteer behoort te word in mediese prosesse en in bio-etiese navorsing. Dit sou dus immoreel wees om 'n embrio te kweek met die doel om dit te vernietig vir stamselnavorsing. Tussen hierdie twee uiterstes is ook die standpunt dat die embrio wel regte het, maar dat dié regte ondergeskik is aan die regte van mense wat reeds gebore is. Sandal en George (2004) argumenteer byvoorbeeld dat die embrio nie dieselfde status as 'n mens wat reeds gebore is, kan hê nie omdat dit slegs die potensiaal het om tot 'n mens te ontwikkel. Daarom is dit ook geregverdig dat 'n embrio gebruik kan word vir die bevordering van die gesondheid van menseleuens.

In die regverdiging van embrioniese stamselnavorsing word die argument dikwels gebruik dat die embrio nie menswaardig is nie, omdat dit nog nie 'n siel het nie. Die voorveronderstelling vir hierdie argument is 'n dualistiese mensbeskouing waar liggaam en siel as twee aparte entiteite beskou word soos duidelik na vore kom in Devolder en Harris, (2007:17) se beswaar dat verdeling en eenwording van die embrio voor potensiele swangerskap daarop dui dat die siel nie vanaf konsepsie teenwoordig kan wees nie. In McHahan (2007:45) se vraag op watter stadium van die menslike ontwikkeling die mens 'n siel gekry het, is dit ook duidelik dat hy redeneer vanuit 'n dualistiese voorveronderstelling wat die liggaam en siel as twee aparte entiteite sien.

In teenstelling hiermee word daar dikwels vanuit 'n Christelike perspektief geredeneer dat die liggaam en siel vanaf konsepsie teenwoordig is, soos ook na vore kom in die Rooms Katolieke standpunt dat die siel vanaf konsepsie aanwesig is (Levada & Ladaria, 2008:19). Die Rooms Katolieke standpunt word egter nie in die Bybel begrond nie, maar berus eerder op die gesag van die Pous. Hulle huldig die standpunt dat liggaam en siel vanaf konsepsie teenwoordig is omdat dit die Pous se standpunt is. Ook hierdie standpunt gaan van die voorveronderstelling uit dat die siel 'n aparte ontstaan het (Rheeder, 2002:480). Teo en Callbreath (2006:179) stel wel die standpunt dat liggaam en siel 'n menslike eenheid is omdat dit 'n Bybelse standpunt is, maar hulle lewer geen direkte bewyse of beredenering uit die Bybel om dit te ondersteun nie.

Die fokus van hierdie studie is om aan te toon dat die siening dat liggaam en siel 'n onskeibare eenheid is, in die Bybel gegrond is. Dit gaan gedoen word deur te bepaal watter afleidings vanuit die mensbeskouing in die Pauliniese briewe gemaak kan word vir 'n gereformeerde perspektief oor die morele status van die embrio ten opsigte van stamselnavorsing.

### 3 Hoofstuk 3

#### 'n Beskrywing van Paulus se mensbeskouing in die Pauliniese briewe soos wat dit in terme van liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) uitgedruk word

##### 3.1 Inleiding

Wanneer etiese kwessies vanuit 'n gereformeerde tradisie bestudeer word is Skrifbegronding wesentlik en daarom word hierdie studie van die apostel Paulus se mensbeskouing soos dit in sy briewe na vore kom volgens die grammaties-historiese metode gedoen. Die studies wat wel vanuit 'n gereformeerde perspektief gedoen is soos genoem in hoofstuk 1, het merendeels op die Ou Testament gefokus en daarom is die fokus van hierdie studie op die Nuwe Testament.

Die voorveronderstelling wat as vertrekpunt in hierdie eksegetiese studie geneem word, is dat die Bybel die ewige en altyd geldende Woord van God is (dit wil sê Sy openbaring aan mense van alle tye, plekke en omstandighede) wat Hy deur die inspirasie van die Heilige Gees tydgerig vir en deur mense laat boekstaaf het. Hierin word erken dat (Breed *et al*, 2008:45) :

- die Bybel die Woord van God is;
- die Bybel ewig en altyd geldend is;
- die Bybel deur die Heilige Gees geïnspireer is;
- die Bybel tydgerig is, maar nie tydgebonde nie.

Volgens hierdie benadering dien die grammatiese aspek van die teks; d.w.s. dit wat daar geskrywe staan; as grondslag vir die eksegeese. Die grammatiese aspek by hierdie benadering sluit onder andere taal, styl, idioom en literêre genre in. Die organiese inspirasie van die Bybel word as uitgangspunt aanvaar. Om die tydgerigte aspek te verstaan word die historiese konteks (wat die openbaringshistoriese konteks asook die historiese en die sosiale/kulturele omstandighede van die outeur en die eerste lesers insluit) ook in ag geneem (Breed *et al*, 2008:45)

Van al die Nuwe Testamentiese skrywers verskaf Paulus die omvattendste prinsipiële visie op die mens (Guthrie, 1981:163) en volgens Guthrie (1981:163) beskryf Paulus in sy geskifte die mens se liggaam en siel as 'n eenheid. Die begrippe liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) speel daarom 'n belangrike rol in Paulus se beskrywing van menswees en daarom gaan hierdie begrippe in hierdie hoofstuk bestudeer word.

### 3.2 Die tersaaklike Skrifdele

In hoofstuk 1 is inleidend verwys na 'n benadering in die bio-etiek dat stamselnavorsing moreel aanvaarbaar is omdat 'n embrio nog nie 'n siel het nie en dus nog nie volledig mens is nie. Ter regverdiging van hierdie benadering word daar dikwels uitgegaan van 'n dualistiese mensbeskouing waar liggaam en siel as twee aparte en skeibare entiteite voorgehou word (Devolder & Harris, 2007:19). Hierdie dualistiese onderskeid tussen liggaam en siel is afkomstig vanuit die Griekse denkwêreld en hierdie mensbeskouing berus op Plato se filosofie wat 'n skerp onderskeid tref tussen die geestelike eintlike werklikheid (die siel) en die stoflike wêreldse oneintlike wêreld (die liggaam) (König, 1988:205). Hierdie siening het 'n groot invloed op die Christelike siening van die mens uitgeoefen (König, 1988:205), maar volgens König (1988:205) kan hierdie siening egter nie op Bybelse steun aanspraak maak nie. Daarom word hierdie stelling onder meer in hierdie hoofstuk getoets.

'n Voor die hand liggende beginpunt van so 'n onderneming is 'n deeglike eksegetiese studie van 1 Tessalonisense 5:23, waar die begrippe liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) naas mekaar gebruik word aangesien dit ook die enigste plek in die Bybel is waar hierdie drie begrippe in een teks naas mekaar gebruik word<sup>4</sup>. Die eksegetiese van hierdie teks behoort koersaanduidend te wees vir die vraag tot watter mate, ten minste die Pauliniese geskryfte wel 'n dualistiese mensbeskouing steun of nie. Die konklusie daaroor kan 'n definitiewe Skrifgefundeerde aanduiding gee vir 'n Christelike perspektief oor veral embrionale stamselnavorsing.

### 3.3 Sleutelsterme ten opsigte van die mensbeskouing in die briewe van Paulus

Paulus gebruik verskeie terme soos liggaam (σῶμα / *sōma*), siel (ψυχὴ / *psychē*), gees (πνεῦμα / *pneuma*), vlees (σὰρξ / *sarx*), hart (καρδία / *kardia*) en verstand/denke (νοῦς / *nous*) om die mens te beskryf. Aan die hand van Louw & Nida se *Greek-English Lexicon based on semantic domains*<sup>5</sup> (1996) gaan kursories getoets word watter van hierdie terme as sleutelsterme ten opsigte van die mensbeskouing in Paulus se briewe beskou kan word.

Die mens se bestaan of wese word in die Nuwe Testament volgens Louw & Nida (1996) in die volgende semantiese domeine beskryf:

---

<sup>4</sup> Die drie begrippe, σῶμα, ψυχὴ en πνεῦμα is deur middel van 'n elektroniese Bybelkonkordansie getoets en daar is bevind dat dit sleg in 1 Tessalonisense 5:23 naas mekaar in een teks voorkom:

(Results of search: πνεῦμα ψυχὴ σῶμα 3 hits in 1 verse  
Αὐτὸς δὲ ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἀγιάσαι ὑμᾶς ὅλοτελείς, καὶ ὁλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ τηρηθεῖη.)  
(Aland *et al.* 1993: 1 Tess. 5:23)

<sup>5</sup> 'n Meer in diepte analise van die begrippe volgens Louw & Nida (1996) se semantiese velde word verder aan in die hoofstuk gedoen (Vgl. 3.5.2.4).

- Domein 8 (“Body etc.”) se subdomein A (“body”) (Louw & Nida,1996, 1:92);
- Domein 9 (“People”) se subdomein A (“human beings”) (“body”) (Louw & Nida,1996, 1:103) en
- Domein 26 (“Psychological faculties”) (“body”) (Louw & Nida,1996, 1:319).

Nie een van die ander semantiese domeine het met die mens se bestaan of wese te doen nie.

In bogenoemde domeine figureer die volgende woorde wat ook deur Paulus gebruik word:

i. σῶμα

- Dit word 81 keer deur Paulus gebruik, terwyl
- die verwante σωματικός/-ως, ὁ ἔξω ἄνθρωπος ’n idiomatiese uitdrukking is wat net in 2 Korintiërs 4:16 gebruik word.
- Die fisiese aard van die mens word gekontrasteer met sy psigiese aard, aangedui deur ὁ ἔσω ἄνθρωπος (Louw & Nida,1996, 1:92,104).

ii. σάρξ

- Dit word 91 keer deur Paulus gebruik, terwyl
- σκῆνος (“tent”, figuurlik gebruik ter aanduiding van die tydelikheid van die mens se bestaan), word slegs in 2 Korintiërs 5:1 gebruik en
- σκεῦος (“voorwerp”, word figuurlik slegs in 1 Tessalonisense 4:4 gebruik ter aanduiding van die seksualiteit van die liggaam (Louw & Nida,1996, 1:93,104).

Hieruit is dit duidelik dat Paulus feitlik uitsluitlik die woorde σῶμα en σάρξ gebruik om na die menslike liggaam te verwys.

iii. ψυχή

- word slegs 13 keer deur Paulus in sy briewe gebruik.
- Die verwante idiomatiese uitdrukking κἀμνω τῇ ψυχῇ word slegs een keer in die Nuwe Testament gebruik, in Hebreërs 12:3, letterlik om in jou gees moeg te raak, . dit wil sê om geleidelik jou motivering te verloor om ’n doel te bereik, moedeloos te word (Louw & Nida,1996, 1:105,319).

iv. καρδία

- Dit word 52 keer deur Paulus gebruik.
- In 1 Korintiërs 14:25 verwys dit na die geheime of verborge dinge van die hart - τὰ κρυπτὰ τῆς καρδίας αὐτοῦ φανερὰ γίνεται.
- In 2 Korintiërs 9:7 is die betekenis daarvan dat elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het – (ἕκαστος καθὼς προήρηται τῇ καρδίᾳ) en

- Romeine 2:5 verwys na 'n verharde en onbekeerlike hart – (κατὰ δὲ τὴν σκληρότητά σου καὶ ἀμετανόητον καρδίαν θησαυρίζεις σεαυτῷ ὀργὴν ἐν ἡμέρᾳ ὀργῆς) (Louw & Nida, 1996, 1:320).

#### v. Νοῦς

- Dit word 21 keer deur Paulus gebruik
- met φρήν wat slegs twee keer voorkom in 1 Korintiërs 14:20 (die mens se denke en sy redenasievermoë) (Louw & Nida, 1996, 1:323).

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n groot mate van oorvleueling met die gebruik van die woorde ψυχή, καρδία en νοῦς is om te verwys na die essensie van die mens se lewe, sy verstand en sy innerlike wese.

#### vi. Πνεῦμα

- Dit word 146 keer deur Paulus gebruik.
- Alhoewel Paulus in baie gevalle πνεῦμα gebruik om na die Heilige Gees te verwys, gebruik hy ook die woord om na die mens te verwys.
- Hiermee saam ook πνευματικός (24 keer gebruik) wat na die geestelike aard van die mens verwys en dit word in verband met diens aan God gebring (Louw & Nida, 1996, 1:322).

Bogenoemde ontleding bevestig dat σῶμα, ψυχή en πνεῦμα as sleutel terme vir die doeleindes van hierdie studie ten opsigte van die mensbeskouing in Paulus se briewe gebruik kan word. Daarom sal die semantiese studies verderaan in die hoofstuk slegs op hierdie woorde gefokus wees.

Hierdie terme kan nie in isolasie van mekaar beskou word nie aangesien daar dikwels 'n oorvleueling in die betekenis van die begrippe is in die manier waarop Paulus dit gebruik. Paulus beskryf egter nie 'n volledige uitgewerkte antropologie van die mens nie en die begrippe word veel eerder gebruik om verskillende dimensies van die mens in sy verhouding met God te beskryf (Guthrie, 1981:164). Volgens hierdie beskrywing van die begrippe word dit dus nie gebruik om verskillende skeibare onderdele waaruit 'n mens bestaan te beskryf nie, maar veel eerder om die mens in sy totaliteit vanuit verskillende hoeke te belig.

### 3.4 Guthrie se gevolgtrekking ten opsigte van 1 Tessalonisense 5:23

Guthrie (1981:164) dui aan dat in Paulus se gebruik van die begrippe waarmee hy die mens beskryf, daar nie 'n vaste definisie per begrip is nie en dat daar dikwels 'n betekenis-oorvleueling tussen die verskillende begrippe is. Paulus stel nêrens 'n kontras tussen liggaam (σῶμα / *sōma*) en siel (ψυχή / *psychē*) nie omdat hy met die gebruik van die terme



na die hele mens verwys en nie na 'n onderafdeling van die mens se samestelling nie (Guthrie, 1981:165).

Volgens Guthrie (1981:165) was Paulus se bedoeling met 1 Tessalonisense 5:23 nie om na 'n drieledige mens te verwys nie aangesien Paulus nie eenduidig betekenis heg aan die verskillende terme liggaam (σῶμα / *sōma*), siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) nie, maar dit eerder gebruik in terme van die mens in volledigheid. In plaas daarvan om 'n definisie van die mens te verskaf, word die opeenstapeling van die terme eerder gebruik om die volledigheid van die mens te beklemtoon. In dié opsig stem dit dus ooreen met die Ou Testamentiese gedagte van die mens as eenheid.

Guthrie (1981:165) kom tot die gevolgtrekking dat:

- daar geensins 'n suggestie is in enige van Paulus se briewe van 'n Hellenistiese konsep dat die siel bestaan voor die liggaam nie,
- daar volgens Paulus geen gedagte is dat die siel apart van die liggaam bestaan nie,
- daar in teenstelling met die verhewe beskouing van die siel nie by Paulus so 'n siening aanwesig is nie omdat Paulus se mensbeskouing altyd aan nederigheid gekoppel is,
- die gedagte dat die siel van die liggaam bevry moet word totaal vreemd is by Paulus se denkwyse.

Om te bepaal of bogenoemde gevolgtrekkings geldig is, gaan dit eksegeties getoets word aan die hand van 1 Tessalonisense 5:23. Indien Paulus dus 'n onderskeid tussen liggaam en siel sou tref, behoort dit in hierdie teks duidelik na vore kom waar die begrippe (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) naas mekaar in dieselfde teks gebruik word.

### **3.5 Eksegese en hermeneuse**

In 1 Tessalonisense plaas Paulus die drie begrippe liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) naas mekaar. Dit gee aanleiding tot die vraag of Paulus hiermee 'n drieledige mensbeskrywing voorhou of nie (Guthrie, 1981:165). Die doel van hierdie afdeling is om die betekenis en impak van die 3 begrippe liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*) te verstaan soos dit in 1 Tessalonisense 5:23 gebruik word. Daarom is hoofstuk 3 toegespits op die eksegese van 1 Tessalonisense 5:23. Die grammaties-historiese eksegetiese model wat in die afdeling gevolg word, vereis dat 1 Tessalonisense 5:23 verstaan moet word binne die historiese konteks van die skrywer en geadresseerdes en binne die grammatiese konteks van die briefstruktuur, gedagte-opbou en

die sosio-historiese konteks, wat onder andere semantiese woordstudie insluit (Jordaan,2004a:5-6).

### **3.5.1 Besondere kanoniek en openbaringsbetekenis van 1 Tessalonisense**

#### **3.5.1.1 Die Skrywer en geadresseerde van die brief**

1 Tessalonisense 1:1 dui aan dat die brief vanaf Paulus, Silvanus en Timoteus afkomstig is. Die egtheid van Paulus se outeurskap is slegs deur die mees radikale kritici van die 19de eeu naamlik die Tübingen Skool van Duitsland en die Hollandse Radikale skool bevraagteken. In die algemeen word sy outeurskap egter deur moderne teoloë aanvaar. In teenstelling met die radikale kritici, word daar op grond van die interne en eksterne getuienis wat deur biblioloë soos Guthrie (1996:588) in berekening gebring is, aanvaar dat Paulus wel die outeur van 1 Tessalonisense is.

Die brief is aan die gemeente in Tessalonika geadresseer. Die sosiale klas van die gelowiges in Tessalonika word nie in Handeling 17 of 1 Tessalonisense genoem nie. Paulus lê wel klem op hande-arbeid, maar hy waarsku nie teen die gevare van rykdom nie. Hieruit kan dus afgelei word dat die meeste van die gemeentelidmate in Tessalonika uit die laer werkersklas bestaan het (Morris, 1973:18-19).

#### **3.5.1.2 Die tyd en plek van ontstaan van die brief**

In 1 Tessalonisense 2:17 dui Paulus aan dat hy slegs 'n kort tydjie van tevore nog in Tessalonika was. Volgens 1 Tessalonisense 3:1-2 het Paulus vir Timoteus na Tessalonika teruggestuur om die gelowiges daar te versterk en te bemoedig in die geloof. Volgens 1 Tessalonisense 3:6 skryf Paulus die brief direk na Timoteus se terugkeer. Verder dui Handeling 17 aan dat Paulus haastig moes vertrek na Berea waar hy 'n kort rukkie vertoef het. Hy het daarna na Athene gevlug terwyl hy vir Timoteus en Silas agtergelaat het met die opdrag om so gou as moontlik by hom aan te sluit. In 1 Tessalonisense 3:9-10 dui Paulus aan dat hy moes voltooi wat aan hulle geloof ontbreek. Dit dui daarop dat Paulus se werk kortgeknip is en dat hy nie kans gehad het om sy werk daar af te rond nie.

Die plek van skrywe word in die lig van Handeling 18:1 en 5 as Korinte aangedui waar Timoteus en Silas weer by Paulus aangesluit het na sy vertrek uit Athene (Coetzee, 1975:31-32). Uit eksterne bronne word in die inskripsie van Delfi aangedui dat Gallio goewerneur van Achaje geword het in die 12de jaar van keiser Claudius. Aangesien Claudius van 41 tot 54 n.C. regeer het was sy 12de regeringsjaar dus van 51 tot 52 n.C. Paulus se verblyf in Korinte was begin 50 tot middel 51 n.C. (vgl. Handeling 18:12-18). Hiervolgens moes Paulus dus die brief geskryf het in 50 n.C. of die eerste helfte van 51 n.C. (Jordaan, 2004b).

### 3.5.1.3 Die aanleiding en doel met die skrywe van die brief

Alhoewel daar nie met sekerheid bepaal kan word presies hoe lank Paulus in Tessalonika vertoef het nie, is dit wel duidelik dat sy verblyf daar vir slegs 'n kort tydjie geduur het. Volgens 1 Tessalonisense 3:4-5 het Paulus vir Timoteus teruggestuur om te verneem hoe dit daar gaan en om hulle verder te bemoedig te midde van die Joodse vervolging. Paulus skryf die brief na Timoteus se terugkeer. In die brief kom daar duidelik twee doelwitte na vore wat aanleiding gegee het vir die skrywe, naamlik:

- i. om Paulus se dankbaarheid te betuig dat God hulle so laat vasstaan in die geloof en om hulle verder daarin te bemoedig (vgl. 1 Tess. 1:9; 3:6) en
- ii. in 1 Tess. 3:10 dui Paulus aan dat hy met die brief ook dit wat nog in hul geloof ontbreek wil aanvul, terwyl hy nie persoonlik na Tessalonika kan terugkeer nie. In die tweede deel van die brief gaan Paulus dieper in op sekere geloofsprobleme (Coetzee, 1975:33).

### 3.5.1.4 Die openbaringsbetekenis in die Kanon

Die brief gee aan ons 'n goeie beeld van Paulus se sienings in die vroeë stadium van sy Woordbediening asook van die beskouings en toestande in die vroeë Christelike gemeentes (van Zyl, 1997). Verder is daar duidelike inligting aangaande die wederkoms van Christus en kan die twee Tessalonisensebriewe inderdaad “**Die Briewe oor die wederkoms van Christus**” genoem word (Coetzee, 1975:30-31).

### 3.5.1.5 Sentrale mededeling van die teks

Uit die doel van die brief is dit duidelik dat die brief in twee hoofdele uiteenval, naamlik:

- i. die eerste drie hoofstukke wat deur vreugde en danksegging oorheers word oor die geloofsywer en geloofstrou van die jong gemeente in Tessalonika. Die kernvers in dié verband is 1 Tessalonisense 1:2-3:  
*“Ons dank God vir.....die werk van julle GELOOF, die inspanning van julle LIEFDE en die volharding van julle HOOP .....”*<sup>6</sup>
- ii. terwyl die tweede deel in hoofstukke 4 & 5 meer leerstellig van aard is wat handel oor sedelike heiligheid in die lig van die sekere wederkoms van Christus (Coetzee, 1975:33).

Die wederkoms van Christus is egter die konstante agtergrond wat alles beheers wat Paulus in die brief sê (vgl. 1 Tess. 1:10; 2:19; 3:13; 4:13-5:11; 5:23) (Hughes & Laney, 2001:617)<sup>7</sup>.

---

<sup>6</sup> Eie beklemtoning.

<sup>7</sup> 1 Tess. 1:10 en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.

Die tema van die brief kan dus as volg gestel word:

**DIE WEDERKOMS VAN ONSE HERE GEE AAN ONS DIE HEERLIKE TROOS VAN DIE HOOP DAAROP.**

Teen bogenoemde historiese agtergrond moet 1 Tessalonisense 5:23 dan verstaan word, ook ten opsigte van sy detailontleding, hieronder in 3.3.2.

**3.5.2 Detailontleding van 1 Tessalonisense 5:23.**

Grieks UBS <sup>4</sup>	1933/53-Vertaling	1983/92-Vertaling
Αὐτός δε ὁ θεὸς τῆς εἰρήνης ἀγιάσαι ὑμᾶς ὀλοτελεῖς, καὶ ὀλόκληρον ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα ἀμέμπτως ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ τηρηθεῖη.	En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!	Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!

<sup>1</sup> Tes 2: 19 *Wie anders tog as julle is ons hoop en ons blydskap, die kroon op ons werk waarop ons trots sal wees wanneer ons met sy wederkoms voor die Here Jesus sal verskyn?*

<sup>1</sup> Tes 3:13 *So sal Hy julle innerlik sterk maak dat julle onberispelik en heilig voor God ons Vader sal staan wanneer ons Here Jesus kom saam met al sy heilige engele. Amen.*

<sup>1</sup> Tes 4:13-5:11

<sup>13</sup> *Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. <sup>14</sup>Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.*

<sup>15</sup> *Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. <sup>16</sup>Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; <sup>17</sup>daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.*

<sup>18</sup> *Troos mekaar dan met hierdie woorde.*


<sup>5v1</sup> *Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig om aan julle te skrywe nie, broers. <sup>2</sup>Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag. <sup>3</sup>Wanneer die mense sê: "Alles is rustig en veilig," sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie. <sup>4</sup>Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie. <sup>5</sup>Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. <sup>6</sup>Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees. <sup>7</sup>Dié wat slaap is van die nag; en die wat hulle dronk drink, is van die nag. <sup>8</sup>Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. <sup>9</sup>God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. <sup>10</sup>Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe.*

<sup>11</sup> *Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.*

<sup>1</sup> Tes 5:23 *Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! (Bybel, 1983)*

### 3.5.2.1 Sintaktiese ontleding van 1 Tessalonisense 5:23

Die sintaktiese opbou van 1 Tess. 5:23 kan soos volg uiteengesit word:



#### Morfologiese ontleding / verklaring

Persoonlike voornaamwoord nom. ml. ev.
Naamwoord nom. ml. ev
Onderwerp by ἀγιάσαι en τηρηθεῖν
Naamwoord nom. vl. ev
ww oar. aktief optatief 3 ev van ἀγιάζω
Optatief in wenssin
Persoonlike voornaamwoord akk 2 mv
voorwerp by ἀγιάζω
Byvoeglike naamwoord ml mv
verklaar ὑμᾶς verder
voegwoord
Byvoeglike naamwoord ml mv
verklaar die voorwerp verder
Persoonlike voornaamwoord gen 2 mv
Naamwoord nom ev onsydig
onderwerp by τηρηθεῖν
Naamwoord nom ev onsydig
onderwerp by τηρηθεῖν
Naamwoord nom ev vl
onderwerp by τηρηθεῖν
Bywoord by τηρηθεῖν
Omskryf τηρηθεῖν verder
voorsetselfrase
ἐν plus datief om plek aan te dui
Naamwoord gen ml ev
Genetief van verwantskap
Persoonlike voornaamwoord gen 1 mv
Genetief van verwantskap
Naamwoord gen ml ev
Genetief van verwantskap
ww oar. med optatief 3 ev van τηρέω
Optatief in wenssin

Uit bogenoemde ontleding is dit duidelik dat 1 Tessalonisense 5:23 uit twee wenssinne bestaan wat deur die optatief tydvorm van die twee werkwoorde aangedui word (Jordaan,2006:19). Die twee werkwoorde, naamlik ἀγιάσαι<sup>8</sup> (heilig maak) en τηρηθεῖν<sup>9</sup> (bewaar) wat albei in die aoristos optatief tydvorm voorkom, word hier in 'n wenssin gebruik wat daarop dui dat dit 'n gebed is (Wallace, 1996:481). Die persoonlike voornaamwoord ὑμῶν (julle) word deur die adjektief ὀλόκληρον (geheel en al) en die frase τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα (gees en siel en liggaam) verder beskryf. Uit die konteks is dit egter ook

<sup>8</sup> ἀγιάσαι – aor. opt. akt. 3 ekv. van ἀγιάζω

<sup>9</sup> τηρηθεῖν – aor. opt. pas. 3 ekv. van τηρέω

duidelik dat bogenoemde adjektief en frase ook na ὑμᾶς (*in die sinsdeel "julle volkome heilig maak"*) verwys. Om te bepaal of Paulus hier die mens probeer definieer deur na verskillende losstaande komponente van die mens te verwys, is dit nodig om die begrippe πνεῦμα / *pneuma* (gees); ψυχὴ / *psychē* (siel) en σῶμα / *sōma* (liggaam) verder te ontleed.

### 3.5.2.2 Gedagte-opbou van 1 Tessalonisense 5:23

1 Tessalonisense vertoon die volgende briefstruktuur: die briefinleiding (1 Tess. 1:1 – 2:16), die brieffliggaam (1 Tess. 2:17 – 5:24) en 'n briefslot (1 Tess. 5:25 – 28). 1 Tessalonisense 5:23 vorm deel van die liggaam van die brief en saam met vers 24 vorm dit 'n gedagte-eenheid. Die liggaam van die brief begin by 1 Tessalonisense 2:17 – 3:5 waar Paulus sy begeerte verwoord om die Tessalonisense weer te sien. In 1 Tessalonisense 3:6-13 volg Timoteus se rapport en die goeie gevolge daarvan. Hierop volg daar in 1 Tessalonisense 4:1 – 5:22 nege voorskrifte om hulle geloof aan te vul. In 1 Tessalonisense 5:23-24 is Paulus se gebed vir die Tessalonisense dat God hulle in staat stel om bogenoemde voorskrif-aanvullings uit te leef, in kort "mag God julle onberispelik maak" (Van Rensburg, 2009).

Dit is dus duidelik dat die tipiese Pauliniese briefstruktuur hier na vore kom wat bestaan uit 'n aanhef en brieffliggaam (wat 'n kort historiese oorsig bevat van die gebeure sedert Paulus daar weg is en ook 'n aanvulling van dit wat aan hulle geloof ontbreek) met die tipiese briefslot om die brief mee af te sluit. Die geloofvoorskrif aanvullings wat in die brieffliggaam (1 Tess. 4:3 – 5:22) na vore kom is:

1. Oor hulle seksuele lewe (1 Tess. 4:3 8) ;
2. Oor hulle broederliefde (1 Tess. 4:9 10a);
3. Oor arbeids- en ekonomiese sake (1 Tess. 4:10b 12);
4. Oor die posisie van die ontslapenes (1 Tess. 4:13 18);
5. Oor die terugkeer van die Here (1 Tess. 5:1 11);
6. Oor die optrede teenoor ampsdraers (1 Tess. 5:12 13);
7. Oor die optrede tussen lidmate onderling (1 Tess. 5:14 15);
8. Oor die daaglikse innerlike lewenshouding (1 Tess. 5:16 18);
9. Oor die verhouding met die Heilige Gees (1 Tess. 5:19 22; Van Rensburg, 2009)

1 Tessalonisense 5:23 moet dus in die konteks van bogenoemde nege geloofvoorskrif aanvullings (1 Tess. 4:1 – 5:22) gelees word.

### 3.5.2.3 Stylontleding van 1 Tessalonisense 5:23

In die eerste brief aan Tessalonika kom daar 'n paar stilistiese verskynsels voor waar Paulus van pleonasme, dit wil sê oorbodige beskrywende woorde (Jordaan, 2006:118) gebruik maak om 'n sekere saak te beklemtoon. 'n voorbeelde hiervan word gevind in 1 Tessalonisense 4:1-8 met “heiligmaking”, “hoerery”, “hartstogtelike begeertes”, “onreinheid” en weer “heiligmaking” om die tema sedelike kuisheid te beklemtoon (Jordaan, 2007:1).

Die stylfigure wat in 1 Tessalonisense 5:23 voorkom, sal help om te bepaal of Paulus daar 'n eenheid of 'n diversiteit ten opsigte van die mens bedoel. Die begrippe ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα kan by wyse van polisindeton<sup>10</sup> gelys wees of dit kan by wyse van 'n pleonasme<sup>11</sup> gelys wees soos wat hy elders in die brief gedoen het. Indien dit by wyse van polisindeton gelys is, sal dit aandui dat ὑμῶν τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα drie afsonderlike komponente van die mens aandui. Indien dit egter by wyse van 'n pleonasme gelys is, sal dit aandui dat bogenoemde begrippe die eenheidsgedagte van die mens beklemtoon.

Om te bepaal watter een van bogenoemde twee stylfigure hier ter sprake is, moet daar gelet word op algemene stylkenmerke wat Paulus in sy briewe gebruik. Die versigtige woordkeuses en die lewendige inslag wat Paulus in sy geskifte gebruik, getuig van sy welsprekendheid en dat hy doelbewus sekere stylfigure gebruik om 'n spesifieke saak uit te lig (Jordaan, 2006:127). Daar is 'n paar stilistiese verskynsels wat algemeen in sy briewe voorkom soos byvoorbeeld die diatribe-styl dit wil sê 'n dialoog met 'n denkbeeldige opponent wat in 'n monoloog omskep word. Die volgende stylfigure kom redelik algemeen in sy briewe voor, naamlik parallelismes, chiasmes, hiperbaton en anakolouthon<sup>12</sup> (Jordaan, 2006:127-128).

In 1 Tessalonisense 5:23 is die vroeë plasing van die genitiwe voornaamwoord ὑμῶν, rigtinggewend om te bepaal van watter stylfiguur hier gebruik gemaak word. Die genitiwe voornaamwoord volg gewoonlik op die woord wat dit kwalifiseer (Mounce, 2003:93).

---

<sup>10</sup> **Polisindeton**: die beklemtoning van die talrykheid van gelyke elemente in die groep wat aandui dat elke element in die groep van afsonderlike belang is (Jordaan,2006:118)

<sup>11</sup> **Pleonasme**: die gebruik van onnodige oortollige sinonieme om dieselfde saak aan te dui (Jordaan, 2006:118)

<sup>12</sup> **Parallelisme**: twee opeenvolgende sinne/frases op dieselfde patroon (Jordaan, 2006:120)

**Chiasme**: 'n oorkruis-rangskikking van kontrasterende pare woorde/frases (Jordaan, 2006:120).


**Hiperbaton**: die skeiding van samehorige elemente (Jordaan, 2006:119).

**Anakolouthon**: die sin of frase word op een manier begin terwyl dit op 'n ander manier voltooi word (Jordaan, 2006:114).

Wanneer die voornaamwoord egter eerste geplaas word, dui dit beklemtoning aan (Mounce, 2003:89).

Soos reeds aangedui maak Paulus redelik algemeen van die hiperbaton stylfiguur gebruik om die samehorige elemente te skei. Die vroeë plasing van die genitiese voornaamwoord ὑμῶν, wat by al drie die begrippe τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα pas, dui daarop dat Paulus in 1 Tessalonisense 5:23 van ὑμῶν gebruik maak om die samehorige elemente te skei met die doel om die eenheidsgedagte van die drie elemente te beklemtoon. Hieruit is dit dus duidelik dat τὸ πνεῦμα καὶ ἡ ψυχὴ καὶ τὸ σῶμα nie 'n geval van drie afsonderlike "items" is wat by wyse van polisindeton gelys word nie, maar dat dit eerder 'n geval van pleonasme is wat die eenheidsgedagte van die drie begrippe aandui. Paulus gee dus hiermee 'n kleurrike uitbeelding van die eenheidsweise van die gelowiges aan wie die brief gerig is.

Soos vroeër reeds aangetoon is, maak Paulus ook dikwels van chiasmies gebruik soos wat dit ook hier in 1 Tessalonisense 5:23 voorkom ten opsigte van ὑμᾶς ὀλοτελεῖς καὶ ὀλόκληρον ὑμῶν: (julle volkome en geheel en al julle)



Die paronomasia, (dit wil sê die herhaling van die eenderse woorde ὑμᾶς ὀλοτελεῖς καὶ ὀλόκληρον ὑμῶν wat naas mekaar geplaas is (Jordaan, 2006:118) en wat ook chiasies gerangskik is soos wat hierbo aangetoon is, beklemtoon die totaliteit van die eenheid wat Paulus hier weergee.

Uit bogenoemde stylontleding is dit dus duidelik dat Paulus nie hier met die begrippe πνεῦμα / *pneuma* (gees); ψυχὴ / *psychē* (siel) en σῶμα / *sōma* (liggaam) probeer om die mens te definieer deur na verskillende losstaande komponente van die mens te verwys nie.

### 3.5.2.4 Woordstudie van die begrippe liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*)

Om seker te maak dat hierdie begrippe reg verstaan word binne die konteks waarin hulle gebruik word, is dit egter ook nodig om 'n diepgaande woordstudie oor elk van die drie woorde te doen. Eerstens gaan 'n komponensiële<sup>13</sup> analise gedoen word om die betekenis van die betrokke woorde te bepaal soos wat dit in die spesifieke konteks in die Nuwe



Testament gebruik word. In hierdie ontleding gaan daar hoofsaaklik van Louw & Nida (1996) gebruik gemaak word om sinkroniese inligting ten opsigte van die woorde se betekenis te versamel.

Om die bevindings van die komponensiële analise te kontroleer gaan daar ook 'n diakroniese<sup>14</sup> woordstudie van elke woord gedoen word om te bepaal hoe die woord oor die eeue in die Griekse literatuur gebruik is.

Met die diakroniese ontleding sal daar gefokus word op:

- i. die buite-Bybelse gebruik van die betrokke woord;
- ii. die gebruik van betrokke woord in die Septuaginta en
- iii. die gebruik van die betrokke woord in die Nuwe Testament

(Van Rensburg *et al*, 2008:157).

Deur middel van die komponensiële en die diakroniese ontleding sal die ooreenkomste en/of verskille in betekenis tussen die Nuwe Testamentiese gebruik en die klassieke Griekse gebruik van die woorde duidelik na vore kom.

## Woordstudie **σῶμα** / *sōma* (liggaam)

### Komponensiële analise van **σῶμα** / *sōma* (liggaam)

#### i. Semantiese velde

Louw & Nida (1996:240:2) dui aan dat **σῶμα** in die volgende semantiese velde gebruik word:

- **σῶμα**<sup>a</sup> liggaam (8.1)
- **σῶμα**<sup>b</sup> fisiese wese (9.8)
- **σῶμα**<sup>c</sup> kerk (11.34)
- **σῶμα**<sup>d</sup> slaaf (87.78)
- **σῶμα**<sup>e</sup> realiteit (58.66)

Verder word **σῶμα** ook in drie idiomatiese uitdrukkings gebruik:

- **σῶμα ἐπουράνιον** hemelse liggaam (1.26)
- **ἐνδημέω ἐν τῷ σώματι** lewendig wees (23.91)
- **ἐκδημέω ἐκ τοῦ σώματος** doodgaan (23.111)

---

<sup>13</sup> Die komposisionele analise is gedoen volgens riglyne wat deur Jordaan (2010) opgestel is.

<sup>14</sup> Die metode wat met die diakroniese en teologiese ontledings gevolg gaan word is om telkens eers 'n bondige samevatting van die inskrywings van die betrokke bronne te gee. Daarna word daar 'n gevolgtrekking gemaak. Die Afrikaanse samevatting is telkens geïndenteer terwyl die gevolgtrekking weer sonder indentering weergegee word.

## ii. Fokus binne konteks – vergelyking van semantiese velde:

Uit die konteks (soos wat die voorafgaande punte bespreek is), is dit duidelik dat  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>c, d</sup> en <sup>e</sup> nie by 1 Tessalonisense 5:23 ter sprake is nie omdat dit in hierdie teks oor die mens gaan wat homself in totaliteit aan God toegewyd behoort te maak. Die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 dui ook aan dat nie een van bogenoemde idiomatiese uitdrukkings van toepassing is nie. Daarom word slegs  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>a</sup> en  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>b</sup> verder oorweeg.

- a.  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>a</sup> word binne semantiese veld 8 (“Liggaam, liggaamsdele en fisiologiese dele van die liggaam”) gebruik. In domein A (“Liggaam”) subdomein 8.1 waarbinne  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$  gebruik word dui dit op al die dele van die liggaam wat die geheel van die liggaam vorm. Verder word daar soms ook na die liggaam verwys met die doel om die persoon aan te dui soos byvoorbeeld in Matteus 26:12 “*Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet*” wat ook as “*Deur hierdie reukolie op my<sup>15</sup> uit te giet*” vertaal kan word (Louw & Nida, 1996:92:1). Op die oog af lyk dit dus of hierdie gebruik van 8.1 wel in 1 Tessalonisense 5:23 toepaslik kan wees. Dit sal egter meer spesifiek daarop gerig wees om na die persoon self (soos in die voorbeeld van Matteus 26:12) te verwys.
- b.  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>b</sup> word gebruik binne semantiese veld 9 (“Persone”) in domein A (“Mense / menslike wesens”). In subdomein 9.8 waarbinne  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$  gebruik word, dui dit op ’n figuurlike verbreding van die betekenis van liggaam na die mens as ’n fisiese wese wat ook sy natuurlike begeertes insluit (Louw & Nida, 1996:104:1). Alhoewel hier ’n argument aangevoer kan word dat  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$  net na die fisiese verwys, is daar tog geen aanduiding in 9.8 dat  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$  as ’n onderdeel van die groter geheel gebruik word nie. As die omliggende subdomeine (9.6 “mense”, 9.7 “menslike aktiwiteit” 9.9 “die persoon as individu”) in ag geneem word, is dit duidelik dat hier nie sprake is van ’n onderdeel wat deel is van ’n groter geheel nie. Alhoewel  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>b</sup> dus ook na die mens verwys gaan dit hier meer oor die fisiese aard van die mens.

Dit lyk of die betekenis van  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$  wat die beste in die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 inpas, die verwysing na die mens as persoon is soos wat dit in  $\sigma\tilde{\omega}\mu\alpha$ <sup>a</sup> (8.1) na vore kom.

---

<sup>15</sup> Eie beklemtoning.

### iii. Vergelyking met ander subdomeine

Selfstandige naamwoorde wat in ander sub-domeine van domein A (“Liggaam”) gebruik word is:

- ὁ ἔξω ἄνθρωπος wat ’n idioom is wat letterlik beteken “die buite persoon” wat na die fisiese aard van die persoon verwys (Louw & Nida, 1996:93:1). Deur eerder σῶμα te gebruik val die fokus eerder op die verwysing na die mens opsigself.
- σωματικός wat van σῶμα afgelei is en wat ook na die fisiese liggaamsvorm verwys (Louw & Nida, 1996:93:1). In 1 Tessalonisense 5:23 verwys σῶμα eerder na die mens as persoon as wat dit na die fisiese vorm van die liggaam verwys.
- σὰρξ wat die lewende fisiese liggaam veronderstel (Louw & Nida, 1996:93:1). Tog is die bedoeling om ’n mens of persoon aan te dui en hierin is daar ’n groot mate van oorvleueling met die betekenis van σῶμα.

### iv. Konklusie ten opsigte van die Komponentiese analise van σῶμα / sōma (liggaam)

In 1 Tessalonisense 5:23 word σῶμα gebruik in die betekenis van liggaam as sinoniem van mens of persoon. Dit gaan hier nie daaroor dat σῶμα ’n onderdeel is van ’n groter geheel nie, maar veel eerder daaroor om na mens te verwys.

### Diakroniese analise van - σῶμα / sōma (liggaam)

By die diakroniese ontleding van die begrippe word die Buite-Bybelse gebruik, die gebruik in die Septuagint en die Nuwe Testamentiese gebruik ontleed.

#### **Buite-Bybelse gebruik volgens Liddell & Scott (1996:788):**

1. Die liggaam van ’n mens. In Homerus verwys dit na ’n dooie liggaam terwyl ’n lewende liggaam as δέμας aangedui word.
2. ’n Lewende liggaam (in Attiese Grieks); τὸ ζ. σώζειν of –εσθαι om jou lewe te red. ἔχειν τὸ ζ. κακῶς, ὡς βέλτιστα, om in ’n slegte, goeie staat van liggaam te wees.
3. Liggaam in teenstelling met die siel (ψυχή); enige materiële stof of substansie (Plato). Die hele massa van ’n entiteit.

Volgens bogenoemde definisie vertoon die klassieke Griekse gebruik duidelike kenmerke van ’n dualistiese mensbeskouing waar die liggaam die laer fisiese toestand voorstel teenoor die siel wat ’n verhewe geestelike toestand voorstel.

**Buite-Bybelse gebruik volgens Kittel et al (1995:1140-1142):**

Volgens Griekse denke vanaf Plato tot en met 100 n.C. verwys die term  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* na die mens se liggaam wat sy fisiese bestaan verteenwoordig en wat met die mens se dood beëindig word. As sodanig word die mens se fisiese bestaan as 'n vreemde beproewing beskou waar die liggaam 'n kerker is vir die siel wat deur die noodlot as 'n menslike bestaan verorden is. Dit is die sigbare deel wat die objek van die mens se begeerte is, onderskeie van sy siel wat die liggaam beheer. Die fisiese begeertes van die liggaam besoedel ook die siel. Anders as die siel is die liggaam sterflik en die siel word bevry en gereinig wanneer die liggaam sterf. Verder staan die kosmos en die liggaam ook in verhouding in die sin dat die kosmos as die liggaam beskou word wat deur 'n goddelike siel beheer word. Die siel is dus die mag wat beheer net soos wat die goddelike die kosmos beheer. Die siel word as verhewe bo die liggaam beskou. Die mens bestaan dus uit liggaam en siel, maar die liggaam is die laer deel wat die siel besoedel. Wanneer die liggaam sterf word die siel bevry.

Bogenoemde definisie toon aan dat die liggaam as minderwaardig teenoor die siel beskou is en dat die liggaam die siel gevange hou totdat dit dood gaan. Die mens bestaan dus uit liggaam en siel, maar die liggaam is die laer deel wat die siel besoedel. Wanneer die liggaam sterf word die siel bevry.

**Buite-Bybelse gebruik volgens Balz & Schneider (1990, 3.322):**

In Homeros verwys dit na 'n lyk. In Grieks kan dit verwys na 'n lewende of lewelose objek.  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* kan dus aan die een kant na 'n hemelliggaam verwys en aan die ander kant na 'n slaaf of dier of menseligaam as 'n houer vir die siel. Plato het dit verstaan dat die liggaam wegval by die dood en dat die siel dan sodoende bevry word uit die houer wat dit gevange gehou het. Aristoteles het die liggaam gesien as die materiaal waaruit die siel 'n kunswerk gevorm het. Die Stoïsyne het die samestelling van liggaam en siel gesien as die entiteit waaruit die mens gevorm word. Die goeie lewe met die afsluiting daarvan in 'n goeie dood het die goddelike kunswerk volbring. Verder kan liggaam ook gesien word as 'n geordende geheel van 'n groep mense, 'n weermag of selfs 'n trop diere. In die sin is die kosmos 'n goddelike geordende geheel waarvan Zeus die hoof is.

Hierdie definisie toon aan dat dit 'n lewelose of lewende objek kan wees of selfs 'n geordende geheel van 'n groep mense. In die geval van 'n mens is dit een komponent wat by die dood wegval en hiermee word die dualistiese mensbeskouing van die ou Grieke bevestig.

**Die gebruik in die Septuaginta volgens die TDNT (1964-c1976: 7:1045):**

Die term  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* (liggaam) is 'n Griekse term wat vreemd is in Hebreeus en daarom gebruik die vertalers van die LXX dit met huiwering.  $\Sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* (liggaam) verwys nooit na 'n anorganiese liggaam nie, maar word wel gebruik om na persone as objekte te verwys, byvoorbeeld wanneer  $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* (liggaam) na slawe verwys of as iets wat verkoop kan word soos byvoorbeeld in Genesis 47:18: "*Toe dié jaar om was, het hulle na hom gekom in die tweede jaar en vir hom gesê: Ons kan dit vir my heer nie wegsteek nie, maar die geld is op en die besitting aan vee is my heer s'n. Daar het niks vir my heer oorgebly nie as net ons lyf ( $\sigma\acute{\omega}\mu\alpha$  / *sōma* (liggaam)) en ons*

grond” (Bybel, 1933). In Daniel 1:15 verwys σῶμα / *sōma* byvoorbeeld na die totaliteit van die mens: “En aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees (σῶμα / *sōma* (liggaam)) gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het” (Bybel, 1933). Die mens in totaliteit is dus altyd in sig en die persoon staan nie verhewe bo die σῶμα / *sōma* nie.

Dit is dus duidelik dat in die Hebreeuse denke σῶμα / *sōma* (liggaam) na die totaliteit van die mens verwys. Die dualistiese onderskeid tussen liggaam en siel soos wat by die Griekse denke teenwoordig is, kom dus nie in die Ou Testament na vore nie.

### **Die gebruik in die Septuaginta volgens Balz & Schneider (1990, 3.322):**

Die siening van hierdie begrip in die Ou Testament is totaal anders as die betekenis wat deur die Griekse denke daaraan gekoppel word en daar is inderdaad nie ’n woord in Hebreeus wat die ekwivalent van die Griekse woord σῶμα / *sōma* is nie. Die mens het nie vlees en is nie siek nie, maar die siening is eerder dat ’n persoon verganklik en stoflik is, wat tog ook lewendig is. Dit is slegs op die manier wat ’n persoon enigsins bestaan en daarom is dit heeltemal vreemd om ’n onderskeid te maak tussen liggaam en siel soos wat in die geval van Plato gedoen word. Wanneer ’n persoon dus uitgesonder word, is dit omdat hy of sy deur God daartoe geroep word en nie op grond van enige fisiese sonderlingheid nie. Daarom is dit in Ou Testamentiese denke ondenkbaar om ’n persoon as ’n kunsvorm uit te sonder. Die dood kan daarom ook nie as ’n bevryding, of as die voltooiing van ’n kunswerk, of as die einde van ’n natuurlike proses beskou word nie. Slegs God is sterker as die dood soos wat Psalm 73:26 dan ook lei: “Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd.”

Bogenoemde definisie bevestig dat daar nie in die Ou Testament ’n onderskeid tussen liggaam en siel gemaak word nie, veral omdat daar nie werklik ’n woord in Hebreeus is wat die ekwivalent is van die Griekse woord σῶμα / *sōma* nie. Verder is dit ook duidelik dat die dood nie as ’n verlossing beskou word soos in die Griekse denke nie. Daar is ook in die Ou Testament geen aanduiding dat daar by die dood ’n skeiding tussen liggaam en siel gemaak word nie.

### **Nuwe Testamentiese gebruik volgens Balz & Schneider (1990, 3.322 - 325):**

Die nie-Pauliniese geskrifte verwys dikwels na ’n dooie liggaam of ’n liggaam wat vir die dood bestem is (vgl. Mar. 14:8)<sup>16</sup>. Die liggaam kan egter opgewek word (vgl. byvoorbeeld Mat. 27:52<sup>17</sup>; Hand. 9:40<sup>18</sup>; Joh. 2:21<sup>19</sup>). Die liggaam en siel wat deur kos en drank onderhou word is twee onskeibare aspekte van ’n mens. Die aanspraak in Matteus 10:28 dat mense net die (aardse) liggaam kan doodmaak het nie as

---

<sup>16</sup> Mar. 14:8 *Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam (τὸ σῶμα) gesalf as voorbereiding vir my begrafnis* (Bybel, 1983).

<sup>17</sup> Mat. 27:52 *Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges (καὶ πολλὰ σώματα) wat dood was, is opgewek*, (Bybel, 1983)

<sup>18</sup> Han. 9:40 *Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam (πρὸς τὸ σῶμα) gedraai en gesê: “Tabita, staan op!” Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit* (Bybel, 1983).

<sup>19</sup> Joh. 2:21 *Met “hierdie tempel” het Hy egter sy liggaam (τοῦ σώματος αὐτοῦ) bedoel* (Bybel, 1983).

voorveronderstelling 'n siel wat buite die liggaam bestaan nie, dit verwys na God wat liggaam en siel selfs tot in die dood beheer. Vir Paulus is die liggaam dit wat jou menswees verteenwoordig. Dit is die liggaam (en nie die siel nie) wat 'n tempel is van die Heilige Gees (vgl. 1 Kor. 6:19<sup>20</sup>). Vir Paulus lê die klem in terme van die liggaam dus baie duidelik daarin dat die liggaam in diens van Christus gestel word omdat dit nou in Christus herskep is tot 'n nuwe lewe en dat die liggaam nou aan Christus behoort (vgl. 1 Kor. 6:13)<sup>21</sup>.

Die Nuwe Testament sluit in die opsig by die Ou Testament aan. Liggaam en siel word as twee onskeibare aspekte van die mens voorgestel. Daar is verder ook geen aanduiding dat siel buite die liggaam kan bestaan nie. Paulus maak slegs die onderskeid van die ou liggaam wat nog in sonde is en die nuwe liggaam wat in Christus gereinig is en wat nou aan Hom behoort. Daar is dus by Paulus ook geen aanduiding dat die mens uit twee skeibare komponente van liggaam en siel bestaan nie. Wanneer daar na liggaam of siel verwys word, is die verwysing elke slag na die totaliteit van menswees.

### **Die gebruik in die Nuwe Testamentiese boeke uitgesonder van Paulus se geskifte volgens Kittel *et al* (1995:1145):**

In hierdie boeke kom dit net 51 keer voor in vergelyking met die 91 keer wat dit in Paulus se geskifte voorkom. Die verwysings na σώμα / *sōma* is hoofsaaklik na 'n lyk, byvoorbeeld die lyk van Jesus wat opgewek word. In Matteus 10:28<sup>22</sup> kry ons die verwysing van die liggaam en siel wat tesame deur die helse vuur verteer kan word. Die punt wat wel gemaak word, is dat Jesus sy liggaam opoffer, nie omdat sy liggaam in vergelyking met die onsterflike siel min werd is nie, maar wel as 'n diens sodat ander deur sy offer gered kan word. Die bedoeling is dus duidelik dat Jesus Homself vir sy uitverkorenes offer.

Die verwysing na liggaam dui dus duidelik op die persoon van Jesus in sy totaliteit as mens.

### **Nuwe Testament - Paulus se geskifte volgens Kittel *et al* (1995:1145 - 1146):**

Paulus gebruik die term σώμα / *sōma* nie vir 'n lyk of vir 'n slaaf nie. Hy gebruik dit wel baie duidelik in sy verwysings na 'n nuwe werklikheid as 'n nuwe opgestane liggaam in Christus soos byvoorbeeld in Romeine 8:11<sup>23</sup> wat aantoon dat die verlore mens deel sal hê aan Christus se opstanding. Hier verwys die opstanding van die liggaam

---

<sup>20</sup> 1 Kor. 6:19 *Of besef julle nie dat julle liggaam (τὸ σῶμα) 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie* (Bybel, 1983):

<sup>21</sup> 1 Kor. 6:13 *Hulle sê ook: "Kos is vir die maag, en die maag vir kos." Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam (δὲ σῶμα) is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam (τῷ σώματι) Here is* (Bybel, 1983).

<sup>22</sup> Mat 10:28 *Moenie bang wees vir dié wat die liggaam (τὸ σῶμα) doodmaak, maar die siel (τὴν δὲ ψυχὴν μὴ) nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel (καὶ ψυχὴν καὶ σῶμα) in die hel kan laat vergaan.* (Bybel, 1983)

<sup>23</sup> Rom. 8:11 *Omdat die Gees (τὸ πνεῦμα) van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame (θνητὰ σώματα) lewend maak deur sy Gees (αὐτοῦ πνεύματος) wat in julle woon.* (Bybel, 1983)

na die verlossing van die mens en nie daarna dat die mens uit die liggaam bevry sal word nie. Die opstanding van die liggaam is ook nie iets wat deur die mens bewerkstellig word nie, maar wel iets wat God vermag (vgl. 1 Kor. 6:14-15<sup>24</sup>). Die bewustheid van die opstanding bring daarmee ook 'n bewustheid van die verantwoordelikheid teenoor die manier waarop huidige lewe in die bestaande liggaam gelewe moet word (vgl. Rom. 6:12<sup>25</sup>; 8:11). Die liggaam kan deur seksuele losbandigheid besoedel word (vgl. 1 Kor. 6:13<sup>26</sup>). Die feit dat σῶμα / *sōma* in plaas van σὰρξ / *sárx* / vlees gebruik word, dui daarop dat die totaliteit van die persoon bedoel word.

Vir Paulus dui die term σῶμα / *sōma* dus veral daarop oor hoe die mens in verhouding tot God staan eerder as wat dit verwys na 'n selfgesentreerde individualiteit. Uit bogenoemde definisie is dit duidelik dat die Nuwe Testament dus die term σῶμα / *sōma* (liggaam) op 'n totale ander manier gebruik as wat dit in die Griekse denkwêreld gebruik word. In die Nuwe Testament word dus 'n nuwe definisie en betekenis daaraan gegee. Teenoor die Griekse dualistiese sienswyse waar die liggaam 'n tronk is waarin die siel vasgeketting is, gebruik die Nuwe Testament die term liggaam om na die totaliteit van die persoon te verwys wat in Jesus Christus vernuwe word.

### **Konklusie ten opsigte van die woordstudie van - σῶμα / *sōma* (liggaam)**

Uit die voorafgaande bespreking kan dus afgelei word dat daar in die Griekse denkwêreld 'n dualistiese mensbeskouing was wat 'n definitiewe onderskeid tussen liggaam en siel gemaak het. Dit is veral duidelik uit die siening dat die liggaam 'n houer vir die siel is en ook uit Plato se siening dat die liggaam wat wegval na die dood 'n bevryding vir die siel is. Die onderskeid tussen die Bybelse siening teenoor die Griekse denke kom in die Ou Testament reeds duidelik na vore in die sin dat daar in Hebreeus nie 'n woord is wat die ekwivalent van die Griekse woord σῶμα / *sōma* is nie en die mens word in die Ou Testament dus as 'n eenheidsweise uitgebeeld. Die Nuwe Testament sluit by die Ou Testament aan waar die liggaam en siel as twee onskeibare aspekte van die totale menswees uitgebeeld word. Wanneer Paulus na die liggaam verwys is dit duidelik dat hy daarmee na die totale menswees verwys. Uit Paulus se gebruik van σῶμα / *sōma* (liggaam), is dit duidelik dat hy die term op verskillende maniere gebruik - soos byvoorbeeld die gebruik van 'n menslike liggaam sonder om na 'n substantiewe realiteit te

---

<sup>24</sup> 1 Kor. 6:14-15 <sup>14</sup> God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek. <sup>15</sup> Weet julle nie dat julle liggaam (τὸ σῶμα) deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie! (Bybel, 1983)

<sup>25</sup> Rom. 6:12 *Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie* (Bybel, 1983).

<sup>26</sup> 1 Kor. 6:13 *Hulle sê ook: "Kos is vir die maag, en die maag vir kos." Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam (ὃ ἐστὶν σῶμα) is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam (τὸ σῶμα) Here is* (Bybel, 1983).

verwys tot by die gebruik van liggaam as metafoor om 'n spesifieke groep mense aan te dui.

Bogenoemde definisies toon dus duidelik aan dat daar 'n onderskeid is tussen die klassieke Griekse verstaan wat 'n dualistiese onderskeid maak tussen liggaam en siel en die Bybelse siening (beide Ou- en Nuwe Testament) wat liggaam en siel as 'n eenheid sien wat die wese van die mens aandui. Die woordstudie ten opsigte van σῶμα / *sōma* (liggaam) toon dus duidelik aan dat die gebruik van σῶμα in die Ou en Nuwe Testament nie daarop dui dat die liggaam 'n onderafdeling van 'n groter geheel is nie, maar dat dit wel op verskillende maniere na die mens self verwys.

## Woordstudie van ψυχή / *psychē* (siel)

### Komponensiële analise van ψυχή / *psychē* (siel)

#### i. Semantiese velde

Louw & Nida (1996:266:2) dui aan dat ψυχή in die volgende semantiese velde gebruik word:

- ψυχή<sup>a</sup> innerlike self (26.4)
- ψυχή<sup>b</sup> lewe (23.88)
- ψυχή<sup>c</sup> persoon (9.20)

Verder word σῶμα ook in dertien idiomatiese uitdrukkings gebruik:

- |                                |                                |
|--------------------------------|--------------------------------|
| • ζητέω τὴν ψυχὴν              | wil doodmaak (20.66)           |
| • ἀπόλλυμι τὴν ψυχὴν           | doodgaan (23.114)              |
| • δίδωμι ψυχὴν                 | gaan dood vir (23.100)         |
| • τὴν ψυχὴν τίθημι             | gaan gewillig dood (23.113)    |
| • ψυχή ζωῆς                    | lewende wese (4.1)             |
| • τὴν ψυχὴν διέρχεται ῥομφαία  | voel pyn en hartseer (25.279)  |
| • ψυχὴν βασανίζω               | ervaar sielskwellung (25.280)  |
| • κάμνω τῆ ψυχῆ                | word moedeloos (25.291)        |
| • κτάομαι τὴν ψυχὴν            | beskerm jouself (21.20)        |
| • τὴν ψυχὴν αὐτοῦ περιποιέομαι | red jouself (21.24)            |
| • παραδίδωμι τὴν ψυχὴν         | waag (21.7)                    |
| • κακῶ τὴν ψυχὴν κατὰ          | laat 'n afkeer kry in (88.200) |
| • αἶρω τὴν ψυχὴν τινος         | handhaaf afwagting (30.36)     |

#### ii. Fokus binne konteks – vergelyking van semantiese velde:

Uit die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 blyk dit dat ψυχή in hierdie teks na 'n persoon verwys. ψυχή<sup>a</sup> en ψυχή<sup>b</sup> pas nie by bogenoemde konteks in en verder pas nie een van bogenoemde idiomatiese uitdrukkings by persoonwees in nie. Daarom gaan net ψυχή<sup>c</sup> verder oorweeg word.

ψυχή<sup>b</sup> word gebruik binne semantiese veld 9 ("Persone") in domein A ("Mense / menslike wesens"). In subdomein 9.20 waarbinne ψυχή gebruik word, is dit 'n



verlenging ψυχή.<sup>a</sup> (“innerlike self , verstand” 26.4) na ’n lewende persoon (Louw & Nida, 1996:105:1). Net soos by die komponensiële analise van σῶμα hierbo is dit ook hier duidelik dat ψυχή net na menswees verwys en dat dit nie ’n onderafdeling van ’n groter geheel vorm nie. Dit lyk dus of die gebruik van ψυχή<sup>c</sup> 9.20 wel toepaslik kan wees in 1 Tessalonisense 5:23 omdat dit hier verwys na die mens as persoon wat goed binne die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 inpas.

### iii. Vergelyking met ander subdomeine

Selfstandige naamwoorde wat in ander sub-domeine van domein A (“Mense”) gebruik word is:

- γλῶσσα ’n figuurlike betekenis van γλῶσσα (“tong” 8.21) en wat na ’n persoon verwys wat iets sê (Louw & Nida, 1996:105:1). Die fokus val hier eerder op die aksie van praat as op die persoon self.
- ὄνομα ’n figuurlike betekenis van ὄνομα (“naam” 33.126) wat na ’n persoon se bestaan of sy relevansie as ’n individu verwys (Louw & Nida, 1996:105:1). Hier is dus in ’n sekere sin ’n effense oorvleueling in betekenis met ψυχή wat dan die betekenis van ψυχή as persoon versterk.
- σκεῦος ’n figuurlike betekenis van σκεῦος is (“instrument, ding” 6.1) en dit het ook die betekenis van ’n persoon wat in ’n verhouding tot ’n sekere funksie of rol van ’n persoon staan (Louw & Nida, 1996:105:1). Die fokus is hier dus meer op die verhouding of rol wat die persoon vervul as op die persoon self.

### iv. Konklusie ten opsigte van die Komponensiële analise van ψυχή / psychē (siel)

Volgens bogenoemde ontleding pas die betekenis van ψυχή as ’n persoon of mens mooi aan by die bedoeling van 1 Tessalonisense 5:23 se verwysing na die mens in totaliteit. Dit is ook duidelik dat daar ’n betekenis oorvleueling met σῶμα is wat aandui dat die twee woorde as sinonieme gebruik word eerder as wat dit subkomponente van ’n groter geheel aandui.

### Diakronies - ψυχή / psychē (siel)

#### Buite-Bybelse gebruik - Klassieke Grieks volgens Liddell & Scott (1996:903):

1. Asem as die teken van lewe, die lewensgees.
2. Dit wat essensieel is vir lewe, die gees wat die liggaam verlaat het, gees, spook.
3. Die siel of gees van ’n mens, word ook beskryf as die hart van ’n mens.
4. Die siel, verstand, verstaansvermoë van ’n mens

Uit bogenoemde definisie is dit duidelik dat die siel in die Klassieke Grieks gesien word as die wese wat aan 'n mens identiteit gee en dat die siel 'n afsonderlike komponent is wat lewe aan die liggaam gee.

**Buite-Bybelse gebruik volgens Kittel et al, (1995:1342 - 1343):**

In Homerus is σῶμα / *sōma* die dooie liggaam terwyl ψυχή / *psychē* die lewenskrag verteenwoordig wat deur middel van asem uitgedruk word. Die ψυχή / *psychē* verlaat die persoon met sy dood tydens 'n geveg en gaan na die onderwêreld waar dit 'n skaduagtige bestaan voer. Dit mag ook 'n verskyning in drome maak. Hier is nog nie 'n basiese konsep van die siel teenwoordig nie en dit het ook niks te doen met die denke of geestelike nie. Terme soos νόυς / *voûς*, *kardía* / καρδία beskryf hierdie funksies.

Dit is eers na 500 v.C. dat ψυχή / *psychē* die betekenis kry dat dit die kern van 'n persoon se denke, wil emosies beskryf. Die liggaam (σῶμα / *sōma*) word gesien as 'n kerker vir die siel. Die siel ontbind ook nie soos die liggaam nie. Die outonomie en hoër stand van die siel word as vanselfsprekend aanvaar.

'n Driedelige siening van die siel ontwikkel by Plato waar daar onderskei word tussen rasioneel, irrasioneel en 'n nie denkende staat. Die siel word beskou as die ontasbare kern van 'n persoon waarin sy wil, denke emosie teenwoordig is.

Uit hierdie definisie is dit ook duidelik dat die siel as die lewegewende krag van die liggaam gesien word. Verder is dit ook duidelik dat daar van die vroegste denke af 'n onderskeid tussen liggaam en siel getref is en dat hierdie gedagte met tyd verder ontwikkel het.

**Die gebruik in die Septuaginta volgens Kittel et al (1995:1346 - 1347):**

Die beginsel van Ou Testamentiese antropologie is dat dit God is wat aan die mens betekenis en lewe gee en dat die mens teenoor God verantwoording moet doen. Die persoon word altyd in totaliteit gesien wat nie gedefinieer word deur teenstellende konsepte soos liggaam en siel nie, maar wel in konsepte soos liggaam en lewe wat mekaar komplementeer. In die opsig is dit God as die mens se Skepper wat aan die mens lewe gee.

Volgens bogenoemde word daar in die Ou Testament nie 'n onderskeid tussen liggaam en siel getref nie en kom die lewe van God as die Skepper van die mens af.

**Die gebruik in die Septuaginta volgens Balz & Schneider (1990, 3.501):**

In die LXX word die Hebreëuse woord *nepeš* met ψυχή vertaal en dit word meer as 750 keer gebruik. Die betekenis van *nepeš* dui in 'n sekere sin wind of asem aan en dit is hierdie asem wat die mens as 'n lewende wese aandui. Dit dui dus lewe, dit wil sê die mens opsigself aan wat gevoelens en emosies het. Alhoewel die Hellenistiese invloede tog deurskemer in die Joodse Griekse geskifte word die dualistiese mensbeskouing nie in die Septuaginta aangetref nie.

Die Hebreeuse woord *נֶפֶשׁ* word in die LXX met *ψυχή* vertaal en dit verteenwoordig die mens se asem wat die persoonself as individu aandui wat in staat is om gevoelens te hê en wat emosies kan ervaar. Ook hierin kom die Hellenistiese dualistiese mensbeskouing nie na vore nie.

**Nuwe Testamentiese gebruik volgens Kittel et al (1995:1347 - 1349):**

In die algemeen verteenwoordig *ψυχή* / *psychē* lewe in die Nuwe Testament, vergelyk byvoorbeeld Handeling 27:21 *“Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe (ψυχή / psychē) verloor nie. Net die skip sal vergaan”* (Bybel, 1983). Die Nuwe Testamentiese begrip van die opstanding uit die dood op grond van Jesus Christus se kruisdood en opstanding uit die dood staan teenoor die Hellenistiese konsep van die onsterflike siel soos Johannes 10:11 byvoorbeeld aantoon: *“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe (ψυχή / psychē) af vir die skape”* (Bybel, 1983).

Paulus maak relatief min gebruik van die begrip *ψυχή* / *psychē* en waar hy dit gebruik, is dit om die eie identiteit, na die “self” te verwys soos Filippense 2:30 byvoorbeeld aantoon: *“want deur sy werk vir Christus het hy by die dood omgedraai. Hy het sy lewe (ψυχή / psychē) gewaag om my die hulp te verleen wat julle self nie kon gee nie”* (Bybel, 1983).

Verder is daar ook ’n groot oorvleueling in betekenis tussen gees (*πνεῦμα* / *pneuma*) en siel (*ψυχή* / *psychē*). Daar is egter geen sprake van die siel wat lewendig gemaak word deur die Gees nie of dat die siel van die liggaam geskei word nie. Die *ψυχή* / *psychē* is fisiese lewe of persoon of die morele en geestelike persoon en Paulus verwys nooit in negatiewe terme daarna nie. Verder gebruik Paulus nooit *ψυχή* / *psychē* om lewe aan te dui wat na die dood voortgaan nie. Die ewige lewe word deur God geskenk op grond van die herskepping in Jesus Christus. Daar is ’n kontinuïteit tussen hierdie lewe en die lewe in die hiernamaals, maar dit kom in totaliteit van God af en dit word eerder met *πνεῦμα* / *pneuma* aangetoon as met *ψυχή* / *psychē*.

Bogenoemde ontleding toon aan dat die siel lewe verteenwoordig, maar dit word nooit in teenstelling met die liggaam gebruik nie. Daar is dus geen sprake dat die liggaam van die siel geskei word nie. *Ψυχή* / *psychē* word nooit gebruik om lewe na die dood aan te dui nie. Lewe na die dood, dit wil sê die ewige lewe is ’n geskenk van God en dit word deur middel van *πνεῦμα* / *pneuma* (gees) aangedui. Daar waar *ψυχή* in die Nuwe Testament gebruik word, kom die dualistiese mensbegrip nie na vore nie.

**Nuwe Testamentiese gebruik volgens Balz & Schneider (1990, 3.502):**

Die woord *ψυχή* word 103 keer in die Nuwe Testament gebruik. Dit kom nie in Galasiërs, Philemon, 2 Tessalonisense, die Pastorale briewe of 2 Johannes voor nie. Dit kom 53 keer in die Sinoptiese Evangelies en die Handeling van die Apostels voor. Die statistiese getuienis dui geen voorkeur by ’n spesifieke outeur aan nie.

Dit beskryf dus die mens as 'n lewende wese. In die Nuwe Testament word ψυχή gebruik om lewe aan te dui en beskryf dit 'n mens as 'n lewende wese (vgl. Mat 2:20<sup>27</sup> en Rom. 11:3<sup>28</sup>). In die Nuwe Testament word ψυχή metonomies gebruik om die hele persoon as 'n lewende wese voor te hou. Dit word nooit as 'n hoër onderdeel ten koste van 'n laer onderdeel van die mens voorgelê nie. Verder word ψυχή ook soms as 'n sinoniem vir πνεῦμα gebruik soos byvoorbeeld in Filippense 1:27<sup>29</sup> waar μία ψυχή (van siel) dien as 'n parallel vir xv πνεῦμα (in een gees). Ψυχή word nooit spesifiek uitgelig as 'n teenstelling van die liggaam om daarmee aan te toon dat die siel verhewe is bo die liggaam nie.

Alhoewel die terminologie in 1 Tessalonisense 5:23 dus op die oog af dui op 'n drieledige mensbeskrywing is dit nie die geval nie. Daar was in die voor Christelike era nie so 'n drieledige siening van die mens nie en Paulus was ook nie met so drieledige mensbegrip bekend nie. Gesien in die lig van hoe die woord ψυχή elders in die Nuwe Testament en veral deur Paulus gebruik word, is dit duidelik dat hier 'n verwysing uit verskillende hoeke is om in elk van die drie begrippe πνεῦμα — ψυχή — σῶμα om die mens telkens in sy totaliteit te beskryf.

Balz & Schneider (1990, 3.502) bevestig Kittel *et al* (1995:1347 - 1349) se siening dat die siel in die Nuwe Testament lewe verteenwoordig. Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die Nuwe Testament nie ψυχή gebruik om 'n hoër waarde onderdeel van die mens van 'n laer waarde onderdeel te onderskei nie. Dit word veel eerder naamwisselend aangewend om die totaliteit van menswees aan te dui soos die geval is in 1 Tessalonisense 5:23 waar liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχή / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) as sodanig gebruik word om die totaliteit van menswees te beskryf.

### **Konklusie ten opsigte van die woordstudie van ψυχή / psychē (siel)**

Die komponensiële en diakroniese woordstudie van ψυχή / psychē sluit dus aan by die gevolgtrekking van die σῶμα / sōma se woordstudie dat 'n dualistiese mensbeskouing soos wat dit teenwoordig is in klassieke Griekse en Hellenistiese denke waar die siel as 'n losstaande verhewe entiteit bo die liggaam gesien word, totaal vreemd is aan die Bybel.

In die Bybel (Ou en Nuwe Testament) word die persoon altyd in totaliteit gesien. Die tweeledige skeiding tussen liggaam en siel kom nie in die Bybel voor nie. Verder word die siel nooit as onsterflik voorgelê nie en word die ewige lewe as 'n geskenk gesien wat

---

<sup>27</sup> Mat. 2: 20 *en sê: "Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en gaan terug na die land van Israel toe, want die mense wat die Kindjie se lewe (τὴν ψυχὴν) gesoek het, is dood (Bybel, 1983)."*

<sup>28</sup> Rom. 11: 3 *"Here, hulle het u profete doorgemaak en u altare afgebreek, en net ek het oorgebly, en hulle wil my ook om die lewe (τὴν ψυχὴν) bring." (Bybel, 1983)*

<sup>29</sup> Fil. 1:27 (NAV) *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle **in volkome eensgesindheid**\* standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie. (Bybel, 1983) – (ἐν ἐνὶ πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ) is hier vertaal met "in volkome eensgesindheid".*

God gee op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Die mens ontvang dus die ewige lewe in sy totaliteit as mens sonder dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen liggaam en siel.

## Woordstudie πνεῦμα / *pneuma* (gees)

### Komponensiële analise: πνεῦμα / *pneuma* (gees)

#### i. Semantiese velde

Louw & Nida (1996:266:2) dui aan dat πνεῦμα in die volgende semantiese velde gebruik word:

- πνεῦμα<sup>a</sup> Heilige Gees (12.18)
- πνεῦμα<sup>b</sup> gees (12.33)
- πνεῦμα<sup>c</sup> bose gees (12.37)
- πνεῦμα<sup>d</sup> spook (12.42)
- πνεῦμα<sup>e</sup> innerlike wese (26.9)
- πνεῦμα<sup>f</sup> denkwyse (30.6)
- πνεῦμα<sup>g</sup> wind (14.4)
- πνεῦμα<sup>h</sup> asem (23.186)

Verder word σῶμα ook in agt idiomatiese uitdrukkings gebruik:

πτωχῶς τῷ πνεύματι	wees nederig (88.57)
ἔχω πνεῦμα πύθωνα	word 'n fortuinverteller (33.285)
ζέω τῷ πνεύματι	toon entoesiasme (25.73)
τίθεται ἐν τῷ πνεύματι	besluit (30.76)
ἀφίημι τὸ πνεῦμα	gaan dood (23.109)
παραδίδωμι τὸ πνεῦμα	gaan dood (23.110)
πνεῦμα ἀκάθαρτον	slegte gees (12.39)
πνεῦμα πονηρόν	bose gees (12.38)

#### ii. Fokus binne konteks – vergelyking van semantiese velde:

Aangesien die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 duidelik oor mense (die gelowiges in Tessalonika) gaan, is dit duidelik dat πνεῦμα<sup>a</sup>, <sup>b</sup>, <sup>c</sup>, <sup>d</sup> en <sup>g</sup> nie by bogenoemde konteks inpas nie. Daarbenewens spreek die perikoop in geheel die sedelike en geloofslewe van mense aan, wat πνεῦμα<sup>h</sup> ook uitskakel. Verder pas bogenoemde idiomatiese uitdrukkings ook nie in die konteks van 1 Tessalonisense 5:23 in nie. Daarom word slegs πνεῦμα<sup>e</sup> en πνεῦμα<sup>f</sup> verder oorweeg.

- a. πνεῦμα<sup>e</sup> word gebruik binne die semantiese veld 26 ("Sielkundige vermoëns"). Subdomein 26.9 waarbinne πνεῦμα gebruik word dui op die sielkundige vermoë wat sensitief is en reageer op God. Dit staan teenoor σώμα wat die tipiese

---

(OAV) ALLEENLIK, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees\* (ἐν ἐνὶ πνεύματι) vasstaan en, een van siel\* (μὴ ψυχῆ), saam stry vir die geloof van die evangelie (Bybel, 1933). \* (Eie beklemtoning).

menslike denke en begeertes verteenwoordig (Louw & Nida, 1996:322:1). In 1 Tessalonisense 5:23 spreek Paulus die wens uit dat God die mens so sal bewaar dat hy onberispelik sal wees wanneer Jesus weer kom. In hierdie semantiese veld dui  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^e$  op die mens se sensitiwiteit en reaksie op God. Hieruit blyk dit dat  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^e$  26.9 wel op 1 Tessalonisense 5:23 toegepas kan word.

- b.  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^f$  word gebruik binne die semantiese veld 30 (“Denke”) in domein A (“Om te dink, gedagtes”). In subdomein 30.6 verwys  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^f$  na die ingesteldheid of gesindheid wat bepaal hoe ’n persoon ten opsigte van ’n sekere saak dink of optree (Louw & Nida, 1996:349:1). Hierdie betekenis sluit ook aan by die wens wat Paulus in 1 Tessalonisense 5:23 uitspreek aangesien die mens die regte gesindheid moet openbaar in sy reaksie op God.

Subdomeine  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^f$  30.6 en  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^e$  26.9 ondersteun mekaar dus om die betekenis van  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha$  in 1 Tessalonisense 5:23 duidelik te maak.

### iii. Vergelyking met ander subdomeine

Selfstandige naamwoorde wat in ander sub-domeine van domein A (“Om te dink, gedagtes”) en (“Sielkundige vermoëns”) gebruik word is:

- $\text{No}\tilde{\upsilon}\varsigma$  dui op ’n manier van dink (Louw & Nida, 1996:349:1). Die betekenis van  $\text{vo}\tilde{\upsilon}\varsigma$  oorvleul dus met  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^f$ , maar daar is tog ’n verskil deurdat  $\text{vo}\tilde{\upsilon}\varsigma$  op negatiewe en positiewe gesindheid kan dui terwyl  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha^f$  merendeels na ’n positiewe gesindheid of houding verwys.
- $\Sigma\mu\beta\acute{\alpha}\lambda\lambda\omega$  wat daarop dui dat ’n saak ernstig oordink sal word en dat die implikasies van die saak in ag geneem sal word (Louw & Nida, 1996:349:1). In 1 Tessalonisense 5:23 word aksie geïmpliseer terwyl hier eerder net na die denkproses verwys word sonder dat daar spesifieke aksie daarmee sal gepaardgaan.
- $\Sigma\acute{\alpha}\rho\chi$  verwys na daardie aspek van die menslike denke wat tipies met die mens en sy begeertes te doen het. Dit staan dikwels in kontras met  $\nu\epsilon\tilde{\upsilon}\mu\alpha$  wat wys op die mens se denke en optrede wat tot God en sy geestelike lewe gerig is (Louw & Nida, 1996:321:1). Hier is dus ’n kontras ter sprake. Die kontras is eerder dit waarop die mens se denke gerig is as wat dit op ’n fisiese kontras tussen die vleeslike en geestelike dui.

- Πνευματικός dui op die geestelike sy en dit kan ook na die Heilige Gees verwys (Louw & Nida, 1996:322:1). Hier dui dit op die geestelike aard terwyl πνεῦμα verwys na die mens se geestelike reaksie en denke.

#### iv. **Konklusie ten opsigte van die Komponensiële analise van πνεῦμα / *pneuma* (gees)**

Hieruit is dit duidelik dat πνεῦμα te doen het met die onsigbare denke en sielkundige vermoëns van 'n persoon, dit wil sê met die innerlike wese van 'n persoon. Die begrip ψυχή hang ook nou hiermee saam en dit verwys na die totaliteit van die persoon, dit wil sê na dit wat die persoon identiteit gee.

#### **Diakronies - πνεῦμα / *pneuma* (gees)**

##### **Buite-Bybelse gebruik & Nuwe Testament volgens Liddell & Scott (1996:649):**

1. Blaas, 'n wind, rukwind.
2. Metafories - 'n briesie of invloed, die winde van verandering.
3. Ingeasemde lug, asem, lewensasem, reuk.
4. Gees, inspirasie.
5. Die mens se gees (*the spirit of man*)
6. 'n Gees, Nuwe Testament – Heilige Gees, ook engele en bose geeste.

Hiervolgens word aangedui dat πνεῦμα / *pneuma* (gees) na wind of asem verwys. Dit kan ook 'n gees of inspirasie wees terwyl πνεῦμα / *pneuma* (gees) in die Nuwe Testament ook die Heilige Gees en engele en bose geeste beteken.

##### **Buite-Bybelse gebruik volgens Kittel *et al*, (1995:876-878):**

- i. Wind - πνεῦμα beteken in die eerste plek wind, beide in die beweging daarvan en ook in substansie as dun lug. Die wind kan stormagtig of 'n ligte briesie wees en dit het 'n effek op die klimaat, gesondheid en karakter. Dit word as natuurlik en goddelik gesien.
- ii. Asem – asem wat in en uit geasem word. Poëties verwys πνεῦμα na die klank van 'n mense asem wat 'n fluit blaas.
- iii. Lewe – die lewensasem wat die lewe van lewende wesens verteenwoordig.
- iv. Siel – as 'n beginsel van lewe het πνεῦμα baie dieselfde betekenis as ψυχή wat aan die liggaam in lewe verbind is en wat met die laaste asem ontsnap na die hemelse sfeer.
- v. Dit word ook gebruik in die sin van byvoorbeeld die gees van 'n stad of die invloed van gode of mense. Dit verwys ook na die gees wat inspireer en dit kan geïnspireerde retoriese spraak verteenwoordig.
- vi. Πνεῦμα word ook as goddelik gesien soos byvoorbeeld in goddelike geïnspireerde musiek. In die Griekse denke is daar egter nie sprake van 'n persoonlike heilige gees nie. Die goddelike gees word as immanent gesien.
- vii. In Hermeneutiese geskifte behoort πνεῦμα tot die hemelse sfeer en vorm dit 'n brug tussen ὄμα en ψυχή wat die ψυχή in staat stel om na die wêreld af te daal en ook om weer uit die wêreld te ontsnap. Of mense goed of sleg is word bepaal

deur wie in beheer is. As die ψυχή die πνεῦμα beheer waarop dit rus is die persoon goed, maar as die πνεῦμα die ψυχή beheer is die persoon sleg. Die πνεῦμα neem in die sin dus 'n sekondêre plek in die kosmiese en mense wêreld in.

- viii. In Griekse denke vervul πνεῦμα altyd 'n sekondêre rol wat nooit werklik van die materiële wêreld kan wegbreek nie. Dit word nooit as geestelik gesien in die Nuwe Testamentiese sin nie. Dit bly maar net 'n onpersoonlike natuurlike krag wat lewe gee. Die fundamentele verskil tussen Griekse denke en die Nuwe Testamentiese konsep van πνεῦμα is die verskil tussen die Griekse gode en die God van die Bybel wat agter dit staan. In Griekse denke bly dit maar net 'n natuurlike krag, terwyl Gees in die Nuwe Testamentiese sin persoonlik self God is wat lewe gee, deur die geloof in Jesus Christus in die mens lewendig te maak.

In bogenoemde beskrywing is dit duidelik dat daar 'n verskeidenheid van betekenis aan πνεῦμα gekoppel word wat wissel van fisiese wind tot die mens se lewensasem tot 'n onpersoonlike natuurlike krag wat lewe gee. Die dualistiese denke kom ook hier na vore deurdat daar 'n noue verband tussen πνεῦμα en ψυχή is waar beide die σῶμα aan die lewe verbind. Πνεῦμα behoort tot die hemelse sfeer en dit vorm die brug wat die ψυχή in staat stel om na die wêreld af te daal, maar ook om die ψυχή te help om uit die wêreld te ontsnap. Hiervolgens vervul πνεῦμα altyd 'n sekondêre rol en kan dit nie werklik van die materiële wêreld loskom nie. Alhoewel daar in die Griekse denkwêreld ook 'n goddelike karakter aan πνεῦμα gekoppel word bly dit onpersoonlik en is daar nooit sprake van 'n persoonlike God soos in die Nuwe Testament nie.

**Buite-Bybelse gebruik volgens Balz & Schneider (1990,:3.118):**

Die kernbetekenis van πνεῦμα wat vanaf die wortel πνέω afgelei is, dui op die elementêre krag van die natuur en die lewe, naamlik wind, briesie en asem wat soos in die geval ψυχή die beginsel van lewe is. In die opsig is dit die fisiese substansie en die proses daarvan. In die sekulêre Grieks word πνεῦμα as 'n bron van mantiese inspirasie en lateraan volgens die Stoïsisme as 'n goddelike bron van energie gebruik.

Balz & Schneider (1990,:3.118) bevestig hier die vorige gevolgtrekking dat πνεῦμα volgens buite Bybelse gebruik slegs as 'n onpersoonlike krag gesien word wat as 'n goddelike bron van energie gebruik is.

**Die gebruik in die Septuaginta volgens Kittel et al (1995:879-884):**

Die Hebreuse woord *rûah* word in die LXX 277 keer met πνεῦμα vertaal. Die betekenis van *rûah* in die Ou Testament is onder andere die mens se asem by sy mond (vgl. Job 19:17)<sup>30</sup>. Dit is ook die lewensasem van die mens wat deur God gegee

---

<sup>30</sup> Job 19:17

*My asem (rûah) walg my vrou, ek ruik sleg vir my eie broers* (Bybel, 1983).



is (vgl. Gen. 2:7<sup>31</sup> en 7:22<sup>32</sup>). Dit verwys ook na die fondament van die mens se emosies, intellek en sy wil. Emosioneel kom daar sulke konsepte soos onrus, ongelukkigheid, wanhoop, ongeduld, irritasie, slegte humeur, vrees, jaloesie, arrogansie ens. Intellektueel is daar verwysing na wysheid, insig in goddelike misterie, kunssinnigheid en vooruit beplanning. Negatief gesien gebrek aan persepsie, foute en gebrek aan morele of godsdienstige insig. Dit wys ook dapperheid, verdraagsaamheid, verlange na God en ook na ongelooft<sup>33</sup> en goddeloosheid. Verder verwys dit ook na die Gees van God<sup>33</sup>.

In die LXX word πνεῦμα gebruik om die Hebreeuse woord *rûah* in Grieks te vertaal. Dit verteenwoordig die mens se lewensasem wat deur God gegee is en dit dui ook sy emosionele gevoelens aan as positief en negatief, dit dui dus ook op sy intellektuele vermoë. In die Ou Testament het die menslike gebruik van πνεῦμα dus ten doel om 'n lewende mens in terme van sy denke aan te dui.

#### **Die gebruik in die Septuaginta volgens Balz & Schneider (1990, 3. 118):**

In die Ou Testament verwys *rûah* wat in die LXX met πνεῦμα vertaal is, na die Gees van God wat die lewenskrag gee en wat spesiale gawes gee en mense inspireer. Die term Heilige Gees word eers na die Ballingskap gebruik. Die kernbetekenis van *rûah* is ook wind en asem. Die verskil met die Griekse denke is egter dat dit nie gesien word as die fisiese substansie nie, maar eerder as die inherente lewenskrag wat in asem of wind teenwoordig is.

Balz & Schneider (1990, 3. 118) bevestig dus hier dat daar 'n duidelike onderskeid is tussen die Ou Testamentiese betekenis (as lewegewende asem van God) van πνεῦμα / pneuma (gees) en die betekenis daarvan in die Griekse denke wat eerder die fisiese substansie van wind of asem aandui.

#### **Nuwe Testamentiese gebruik volgens Balz & Schneider (1990, 3. 118 – 119):**

In die Nuwe Testament verkry πνεῦμα sy betekenis in hoofsaak van die Hebreeuse ekwivalent *rûah* soos wat dit in die Judaïsme gebruik is (wat die betekenis het van die inherente lewenskrag wat in asem of wind teenwoordig is). Πνεῦμα word 379 keer in die Nuwe Testament gebruik. Hiervan word dit net drie keer gebruik waar die oorspronklike betekenis (sterk wind / briesie)<sup>34</sup> ondubbelsinnig na vore kom. Dit word dikwels gebruik om na die mens se πνεῦμα te verwys (47 keer), maar dit verwys ook na bese geeste (38 keer) of na engele (9 keer). In die oorgrote meerderheid van gevalle (275 keer) verwys dit egter na God se πνεῦμα. In heel party tekste word na 'n mens se lewensasem as πνεῦμα verwys (vgl. byvoorbeeld Mat. 27:50; Jak. 2:26;

---

<sup>31</sup> Gen. 2:7 *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem (rûah) in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het* (Bybel, 1983).

<sup>32</sup> Gen. 7:22 *alles wat die lewensasem (rûah) in die neus gehad het, alles wat op land geleef het, is dood* (Bybel, 1983).

<sup>33</sup> In die lig van hierdie studie se fokus op die menslike verwysing van πνεῦμα gaan daar nie in diepte ingegaan word op die Goddelike verwysing van πνεῦμα nie.

<sup>34</sup> Vgl. byvoorbeeld Joh. 3:8a *Die wind (τὸ πνεῦμα) waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees (τοῦ πνεύματος) gebore is.* (Self hier waar dit in die eerste plek na die fisiese wind verwys, is dit nog steeds gebruik om indirek na die Heilige Gees te verwys.) (Bybel, 1983)

Open. 11:11, 13:15)<sup>35</sup>. Πνεῦμα word ook dikwels in die Nuwe Testament gebruik om na die innerlike van 'n persoon te verwys, na die "self" (vgl. byvoorbeeld Mar. 2:8 en 2 Kor. 2:12&13)<sup>36</sup>.

In 1 Tessalonisense 5:23 gebruik Paulus die taal van 'n antieke drieledigheid "gees, siel en liggaam." Hy gebruik dit egter nie om drie aparte onderdele te beskryf waaruit die mens bestaan nie, maar veel eerder om die totaliteit van die mens te beskryf. In Hebreërs 4:12<sup>37</sup> en ook in 2 Korintiërs 7:1<sup>38</sup> word verwys na "siel en gees." Πνεῦμα / *pneuma* (gees) verwys na die mens wat gees is en nie soseer na die mens wat ook 'n gees het nie.

Dit is dus duidelik dat daar 'n noue samehang is, tussen die Gees van God en die mens wat gees is. In die gebruik van die oorgeërfde antropologiese terme is dit in die Bybel herinterpreteer met nuwe betekenis vanuit die Ou Testamentiese perspektief van die belofte van die Gees en die Nuwe Testamentiese perspektief met die vervulling van die belofte waar die Gees ontvang is.

### **Nuwe Testamentiese gebruik volgens Kittel et al (1995:885-893):**

In die Nuwe Testament verwys πνεῦμα na die mens, God die Heilige Gees en ook na bese geeste. Paulus gebruik vrylik antropologiese terme om die werking van die Heilige Gees te beskryf. Vir Paulus in teenstelling met die Hellenistiese denke verwys πνεῦμα na die mens in sy geheel (vgl. 2 Kor. 2:13)<sup>39</sup>. Die antiese wat Paulus stel is nie tussen liggaam en gees of die siel wat deur die gees vervolmaak word nie. Die verskil wat duidelik na vore kom is tussen die ou mens wat nog dood is in die sonde

- 
- <sup>35</sup> Mat. 27:50 *Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem (τὸ πνεῦμα) uitgeblaas* (Bybel,1983).  
Jak. 2:26 *'n Liggaam wat nie asemhaal (πνεύματος) nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood* (Bybel,1983).
- Open. 11:11 *Ná die drie en 'n half dae het daar egter asem en lewe (πνεῦμα ζωῆς) van God af in hulle gekom* (Bybel,1983).  
Open. 13:15 *Aan hom is daar ook mag gegee om asem (πνεῦμα) in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie* (Bybel,1983).
- <sup>36</sup> Mar. 2:8  
(NAV) *Jesus het dadelik geweet dat hulle by hulleself so redeneer. Hy sê toe vir hulle: "Wat redeneer julle by julleself hieroor? (Bybel, 1983). Hier is (τῷ πνεύματι) onvertaald gelaat met die duidelike implikasie dat dat na Jesus as persoon verwys.*  
(OAV) *En Jesus het dadelik in sy gees (τῷ πνεύματι) geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte? (Bybel, 1933).*
- 2 Kor. 2:12 & 13  
(NAV) <sup>12</sup> *Toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus daar te verkondig, het die Here die deure vir my wyd oopgemaak.* <sup>13</sup> *Tog het ek nie gemoedsrus (τῷ πνεύματι) gehad nie, omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie. Daarom het ek van die mense daar afskeid geneem en Masedonië toe vertrek (Bybel, 1983). - Hier is (τῷ πνεύματι) met "gemoedsrus" vertaal.*  
(OAV) *Maar toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was, het ek geen rus vir my gees (τῷ πνεύματι) gehad nie, omdat ek my broeder Titus nie aangetref het nie; (Bybel, 1933)*
- <sup>37</sup> Heb. 4:12 *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees (ψυχῆς καὶ πνεύματος) en van gewrigte en murg (Bybel,1983).*
- <sup>38</sup> 2 Kor. 7:1 *Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees (σάρκος καὶ πνεύματος) verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy (Bybel,1983).*
- <sup>39</sup> 2 Kor. 2:13 *Tog het ek (τῷ πνεύματι) nie gemoedsrus gehad nie, omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie. Daarom het ek van die mense daar afskeid geneem en Masedonië toe vertrek (Bybel,1983).*  
*In beide die 1933 en 1983 Afrikaanse vertalings is (τῷ πνεύματι) net met "ek" vertaal. Letterlik staan daar – "Ek het nie gemoedsrus in my gees gehad nie" (οὐκ ἔσχικα ἀνεῖν τῷ πνεύματι μου τῷ μὴ εὐρεῖν με) (Aland et al 1993). Dit is dus duidelik dat Paulus hier met (τῷ πνεύματι) na die volheid van sy eie menswees verwys.*

en die nuwe mens wat in geloof deur die Gees van God lewendig gemaak word (vgl. 1 Kor. 2:13-15)<sup>40</sup>.

Die dualisme van die Griekse denke kom nie in die Nuwe Testament na vore nie. Die onderskeid wat wel gemaak word, is tussen die sondige ou mens en die nuwe mens wat deur die Gees van God lewend gemaak is. Die gevalle waar πνεῦμα gebruik word om na die mens te verwys, word deurentyd gebruik om na die mens in totaliteit van sy menswees te verwys.

### **Konklusie ten opsigte van die woordstudie van πνεῦμα / pneuma (gees)**

In Bybelse terme verwys die πνεῦμα na God, die mens asook na bese geeste. In terme van die mens beskryf die Ou Testament πνεῦμα die mens in sy menswees terwyl dit in die Nuwe Testament soos dit in die briewe van Paulus voorkom, verwys na die mens in sy geheel. Daar word nie 'n antitese gestel tussen liggaam en gees nie, maar wel tussen die sondige ou mens en die nuwe mens in Jesus Christus wat deur die Gees van God 'n nuwe lewe kry. Alhoewel dieselfde Griekse antropologiese terme dus in Bybel gebruik word, word daar in die Bybel 'n totale nuwe betekenis daaraan gekoppel.

Dit is ook uit hierdie bespreking duidelik dat daar 'n definitiewe verskil is in die manier waarop πνεῦμα / *pneuma* (gees) gebruik word in die Bybel teenoor hoe dit in die sekulêre Grieks gebruik is. In die sekulêre Grieks word πνεῦμα / *pneuma* (gees) as elementêre krag van die natuur - soos wat dit in wind en asem teenwoordig is - beskou. Dit word as 'n bron van lewe gesien wat uit 'n goddelike bron van energie na vore kom. Hieruit is dit ook duidelik dat dit gebruik word as 'n onderdeel om te beskryf waaruit die mens bestaan.

In die Ou Testament word die Hebreeuse woord *rûah* gebruik vir gees. Die Nuwe Testament se gebruik van πνεῦμα verkry sy betekenis uit *rûah*. Die kernbetekenis van *rûah* is ook wind en asem. Die verskil tussen die Bybel (Ou Testament) en die Griekse denkwêreld is dat πνεῦμα / *pneuma* (gees) in die Bybel nie as 'n fisiese substansie gesien word nie, maar eerder as die inherente lewenskrag wat in asem of wind teenwoordig is. In die Nuwe Testament word πνεῦμα gebruik om na wind, Heilige Gees of na die mens se lewensasem te

---

<sup>40</sup> 1 Kor. 2:14-15

(NAV) <sup>14</sup> Die mens wat nie die Gees van God (τοῦ πνεύματος τοῦ θεοῦ)-het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik (πνευματικῶς) beoordeel moet word. <sup>15</sup> Die mens wat die Gees (πνευματικὸς) van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie (Bybel, 1983). – (πνευματικὸς) is hier met "die Gees van God" vertaal (Bybel, 1983).

(OAV) <sup>14</sup> Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God (τοῦ πνεύματος τοῦ θεοῦ) nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik (πνευματικῶς) beoordeel word. <sup>15</sup> Maar die geestelike (πνευματικὸς) mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie (Bybel, 1983).

verwys. Daar waar πνεῦμα na die mens verwys, word dit gebruik om innerlike wese te beskryf. Hier is dus nie sprake daarvan dat dit 'n aparte komponent van die mens is nie.

Dit is dus duidelik dat πνεῦμα / *pneuma* (gees) in die sekulêre Grieks gebruik word as 'n onderdeel om te beskryf waaruit die mens bestaan, terwyl die gebruik van die term in die Bybel duidelik die betekenis daaraan gee om die mens in totaliteit vanuit 'n sekere hoek te beskryf. Die konsep van 'n mens wat uit losstaande geestelike en fisiese komponente bestaan is 'n vreemde idee wat nie in die Bybel voorkom nie. Die dualisme van die Griekse denkwêreld kom dus nie in die Bybel na vore nie.

### **Konklusie ten opsigte van die woordstudie van liggaam (σῶμα / *sōma*); siel (ψυχὴ / *psychē*) en gees (πνεῦμα / *pneuma*)**

Uit die semantiese woordontleding van die begrippe σῶμα / *sōma* (liggaam), ψυχὴ / *psychē* (siel) en πνεῦμα / *pneuma* (gees) is dit duidelik dat daar 'n definitiewe betekenisverskil is tussen die klassieke Griekse gebruik van die begrippe en hoe die begrippe in die Bybel gebruik is. In die Griekse denkwêreld word die begrippe gebruik om 'n dualistiese mensbeeld daar te stel waar die liggaam, siel en gees verskillende onderdele van die mens voorstel.

In die Bybel word dieselfde antropologiese terme gebruik in verwysing na die mens, maar dit word herinterpreteer sodat 'n nuwe betekenis daaraan gekoppel word. In die Bybel word die verskillende begrippe eerder gebruik as sinonieme waar elke begrip die mens telkens uit 'n ander hoek in totaliteit uitbeeld.

### **3.5.3 Sintese 1 Tessalonisense 5:23**

#### **3.5.3.1 Sentrale mededeling van 1 Tessalonisense 5:23**

Die konteks van die eerste brief aan die gemeente in Tessalonika is dat Paulus bekommerd was oor die gemeente wat hy weens omstandighede buite sy beheer moes agterlaat voordat hy hulle behoorlik kon onderig. Daarom skryf hy hierdie brief om die tekort in geloofsonderig aan te vul, veral ten opsigte van hulle sedelike heiligheid in die lig van die sekere wederkoms van Christus. Hiermee doen hy dus 'n oproep op die gemeente dat hulle, hulle daarop moet toelê om te lewe soos God dit wil hê.

1 Tessalonisense 5:23 moet binne die konteks van die nege geloofsvoorskrifte<sup>41</sup> van 1 Tessalonisense 4:3 – 5:23 gelees word. In 1 Tessalonisense 5:23 sluit Paulus nou hierdie

---

<sup>41</sup> 1. Oor hulle seksuele lewe (1 Tess. 4:3-8) ; 2. Oor hulle broederliefde (1 Tess. 4:9-10a); 3. Oor arbeids- en ekonomiese sake (1 Tess. 4:10b-12); 4. Oor die posisie van die ontslapenes (1 Tess. 4:13-18); 5. Oor die terugkeer van die Here (1 Tess. 5:1-11); 6. Oor die optrede teenoor ampsdraers (1 Tess. 5:12-13); 7. Oor die optrede tussen lidmate onderling

afdeling af met die bede dat God sal laat gebeur wat hy so pas die gemeente gevra het om te doen. Paulus maak van 'n pleonasme (liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) gebruik om daarop klem te lê dat die hele mens in denke en daede, hom moet toelê om God se wil te doen. Elke element van hierdie driedeling dui dus op die totale mens.

### 3.5.3.2 Openbaringshistoriese lyne

Om te verseker dat die gevolgtrekking wat hier bo ten opsigte van die drie begrippe - liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) bereik is, geldig is gaan dit gekontroleer word met ander tekste waar die drie begrippe elders in die Nuwe Testament gebruik is. Omdat die fokus van hierdie studie op die mensbeskouing in die Pauliniese briewe val, gaan daar hoofsaaklik op tekste in Paulus se briewe gefokus word, veral ook in die lig daarvan dat die voorafgaande woordstudie reeds aandag aan tekste elders in die Nuwe Testament gegee het.

Die tekste waarin die drie begrippe voorkom is deur middel van 'n elektroniese konkordansie<sup>42</sup> bepaal. Omdat die drie begrippe net in 1 Tessalonisense 5:23 saam in een teks naas mekaar gebruik word, gaan die tekste waar twee van bogenoemde drie begrippe saam voorkom verder ondersoek word.

Daar is 11 tekste in die Pauliniese briewe waar liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) saam voorkom, naamlik Romeine 8:10,11,13 & 23 ; 1 Korintiërs 5:3, 6:19, 7:34, 12:13 ; Efesiërs 4:4 <sup>43</sup>; en 1 Tessalonisense 5:23. Die twee begrippe kom in net een ander

---

(1 Tess. 5:14-15); 8. Oor die daaglikse innerlike lewenshouding (1 Tess. 5:16-18); 9. Oor die verhouding met die Heilige Gees (1 Tess. 5:19-22) (Van Rensburg, 2009)

<sup>42</sup> Die soekfunksie binne die Libronix digitale biblioteekstelsel 3.0g (<http://www.librinix.com>) is hiervoor gebruik.

<sup>43</sup> Rom. 8:10,11 <sup>10</sup>Omdat Christus in julle is, gee die Gees (πνεῦμα) aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam (σῶμα) vir die dood bestem is as gevolg van die sonde. <sup>11</sup>Omdat die Gees (πνεῦμα) van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame (σῶμα) lewend maak deur sy Gees (πνεῦμα) wat in julle woon.

teks buite Paulus se briewe voor, naamlik Jakobus 2:26<sup>44</sup> waar gees (πνεῦμα / pneuma) na asem (letterlik wind) as teken en beginsel van lewe verwys. Hierdie teks illustreer hoe 'n lewende geloof lyk deur middel van die beeld van 'n liggaam wat asemhaal. Net soos die liggaam se lewe in sy asemhaling sigbaar is, net so is 'n lewende geloof sigbaar in die goeie daade wat gedoen word (Pretorius, 1998:3; Walvoord & Zuck, 1985:827v2).

i. Romeine 8:10,11,13 & 23

Hier word liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) nie onderskei as twee aparte komponente van menswees nie. In hierdie verse gaan dit oor die Gees (πνεῦμα / pneuma) van God wat die ou mens wat dood is in die sonde opwek tot 'n nuwe lewe in Jesus Christus (Walvoord & Zuck, 1985:470v2). Ridderbos (1966:65) bevestig ook dat die verwysing na liggaam en Gees nie in hierdie tekste 'n beskrywing van die mens voorhou nie. Die onderskeid hier is dus tussen die mens wat dood is in die sonde en die mens wat deur die Gees (πνεῦμα / pneuma) van God lewend gemaak word.

ii. 1 Korintiërs 5:3

Die onsedelikheid wat in die gemeente van Korinte aanwesig was met die spesifieke geval van 'n man wat met sy stiefma as man en vrou saamgeleef het is die agtergrond waarbinne hierdie vers verstaan moet word. Die verwysing na Paulus se gees (πνεῦμα /

Rom. 8:13  
NAV

<sup>13</sup>As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees (πνεῦμα) 'n einde maak aan julle sondige (σῶμα) praktyke, sal julle lewe (Bybel, 1983).

OAV

want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees (πνεῦμα) die werke van die liggaam (σῶμα) doodmaak, sal julle lewe (Bybel, 1933).

Rom. 8:23  
NAV

<sup>23</sup>En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees (πνεῦμα) ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid (σῶμα) bevry (Bybel, 1983).

OAV

<sup>23</sup> En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam (Bybel 1933).

1 Kor. 5:3

<sup>3</sup>Wat my betref, al was ek nie persoonlik (σῶμα) by julle nie, was ek tog in die gees (πνεῦμα) daar (Bybel 1983).

1 Kor. 6:19

<sup>19</sup>Of besef julle nie dat julle liggaam (σῶμα) 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees (πνεῦμα), wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie (Bybel 1983).

1 Kor. 7:34

<sup>34</sup>Ook die ongetroude vrou en die jongmeisie gee aandag aan die dinge van die Here, om na liggaam (σῶμα) en gees (πνεῦμα) aan Hom toegewy te wees (Bybel 1983).

1 Kor. 12:13

<sup>13</sup>Omdat ons almal een liggaam (σῶμα) geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees (πνεῦμα) deurdrenk.

Ef. 4:4

<sup>4</sup>Daar is net één liggaam (σῶμα) en net één Gees (πνεῦμα), soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het (Bybel 1983).

<sup>44</sup> Jak. 2:26

<sup>26</sup>n Liggaam (σῶμα) wat nie asemhaal (πνεῦμα) nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daade kom nie, ook dood (Bybel 1983).

pneuma) word hier gebruik om te verwys na sy Godgewe gesag wat hy ontvang het om die onsedelike situasie te beoordeel en uitspraak daaroor te gee (Guthrie, 1981:946; Kittel *et al*, 1995:891). Ook hier is die bedoeling dus nie om liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) naas mekaar te stel as twee skeibare komponente van die mens nie. Dit is duidelik dat Paulus ook hier eerder die onderskeid tref tussen die ou in sonde gevalle mens en die nuwe mens wat deur die Gees van God lewend gemaak is.

iii. 1 Korintiërs 6:19 en 12:13

Die onderskeid word in hierdie tekste weereens tussen die ou mens en die nuwe mens wat deur die Heilige Gees vernuwe is gemaak. Hier verwys (πνεῦμα / pneuma) na die Heilige Gees en nie na die mens nie. In 1 Korintiërs 6:19 word aangedui dat dit wat in 1 Korintiërs 3:16-17<sup>45</sup> van die gemeente gesê is nou ook van toepassing gemaak word op die liggaam van die enkel gelowige, naamlik dat die bestemming van die liggaam is om 'n tempel van die Heilige Gees te wees (Groenewald, 1998: 1 Kor. 6:19<sup>46</sup>).

In 1 Korintiërs 12:13 word aangedui hoe die liggaam by die doop deur die Heilige Gees nuut gemaak word (Groenewald, 1998: 1 Kor. 12:13; Ridderbos, 1966: 415-416). In hierdie tekste het die verwysing na liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) dus ook nie ten doel om aan te dui dat die mens uit verskillende komponente saamgestel is nie.

iv. Efesiërs 4:4

In hierdie teks verwys liggaam (σῶμα / sōma) na die liggaam van Christus en die gees (πνεῦμα / pneuma) na die Heilige Gees. Die bedoeling van die teks is dan ook om aan te dui dat dit die Heilige Gees is wat die eenheid tussen Christus en sy kerk bewerkstellig (Ridderbos, 1966:89). Die opdrag dat die eenheid in die gemeente bewaar moet word, word beklemtoon deur daarop te wys dat daar nie verskillende Heilige Geeste is wat hulle met verskillende roepings in verskillende liggame van Christus ingelyf het nie (Roberts, 1998:Ef. 4:4). Hierdie teks het dus ook nie ten doel om 'n beskrywing van die mens te gee nie.

v. 1 Korintiërs 7:34

In bogenoemde teks word liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) naas

---

<sup>45</sup> 1 Kor. 3:16-17 <sup>16</sup>Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? <sup>17</sup>As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle (Bybel 1983).

<sup>46</sup> Elektroniese bron uit die Libronix digitale biblioteekstelsel 3.0g (<http://www.librinx.com>) wat nie bladsy verwysing aandui nie.

mekaar gebruik om na die totaliteit van menswees te verwys. Paulus maak hier gebruik van antropologiese terme om die sielkundige aspek van die mens te beskryf soos hy ook in 2 Korintiërs 7:1<sup>47</sup> doen waar hy die totaliteit van mens wees beskryf deur πνεῦμα / pneuma en σὰρξ / sarx (Kittel *et al*,1995:891). Hier is dit ook soos in die geval van 1 Korintiërs 7:34 met “liggaam en gees” vertaal.

Uit die konteks van die gedeelte is dit duidelik dat Paulus bedoel dat die verwysing na liggaam en gees beklemtoon dat die hele persoon in diens moet staan van die Here. Hy verduidelik dat dit makliker is vir die ongetroude om sy onverdeelde aandag aan die dinge van die Here te wy, terwyl die getroude se aandag noodwendig verdeel word tussen die Here en haar man (Groenewald, 1998: 1 Kor. 7:34)<sup>48</sup>.

Met die ondersteuning van die woordstudie wat by 1 Tessalonisense 5:23 ten opsigte van liggaam (σῶμα / sōma) en gees (πνεῦμα / pneuma) gedoen is kan daar afgelei word dat Paulus ook in hierdie teks na die totaliteit van die mens as 'n eenheidswese verwys soos wat hy in 1 Tessalonisense 5:23 gedoen het. Hierdie teks het dus nie ten doel om 'n definisie van die mens te gee in terme van komponente waaruit 'n mens bestaan nie. Dit gaan hier oor die totale toewyding van die mens aan die Here.

### 3.5.3.3 Openbaringshistoriese lyne vanuit die res van die Nuwe Testament

Enkele verdere opmerkings: Die onderstaande paragrawe het ten doel om 'n baie kort oorsig uit die res van die Nuwe Testament te gee ter bevestiging daarvan dat Paulus se gebruik nie strydig daarmee is nie. Die terme Liggaam (σῶμα / sōma) en siel (ψυχή / psychē) kom in die hele Nuwe Testament net op 6 plekke saam voor, naamlik Matteus 6:25, 10:28, Lukas 12:22 & 23, 1 Tessalonisense 5:23 en Open 18:13. In Paulus se briewe kom die twee begrippe net een keer naas mekaar voor, naamlik in 1 Tessalonisense 5:23.

Verder kom ψυχή / psychē en πνεῦμα / pneuma in 5 verse voor naamlik, Matteus 12:18, 1 Korintiërs 15:45, Filippense 1:27, 1 Tessalonisense 5:23 en Hebreërs 4:12. In 1 Korintiërs 15:45 word siel (ψυχή / psychē) gebruik om na die mens te verwys wat deur die lewendmakende Gees (πνεῦμα / pneuma) een word met Christus (Kittel *et al*,1995:889).

---

<sup>47</sup> 2 Kor. 7:1 Geliefdes, hierdie belofte is ook vir ons. Laat ons, ons dan reinig van alles wat liggaam en gees (σὰρκός καὶ πνεύματος) verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy (Bybel 1983).

1 Kor. 7:34 en sy aandag is verdeel. Ook die ongetroude vrou en die jongmeisie gee aandag aan die dinge van die Here, om na liggaam en gees (σώματι καὶ τῷ πνεύματι) aan Hom toegewy te wees (Bybel 1983).

<sup>48</sup> Elektroniese bron in die Libroniks program wat nie bladsy nommer verwysings gee nie, maar wel die teks as verwysing gebruik in die plek van bladsy nommers.



Filippense 1:27<sup>49</sup> sluit by 2 Korintiërs 7:1 en 1 Korintiërs 7:34 aan om die sielkundige aspek van die mens aan te dui. Hier gebruik Paulus nou siel (ψυχή / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) om na die totaliteit van menswees te verwys (Kittel *et al*,1995:891). In die 1983 Afrikaanse vertaling is πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ vertaal met “volkome eensgesindheid” en in die 1933 Afrikaanse vertaling is dit met “een gees” en “een siel” vertaal. Daar is dus nie ’n teenstrydigheid met Paulus se gebruik van die begrippe en die res van die Nuwe Testament nie.

### 3.5.4 Voorlopige eksegetiese konklusie

Guthrie (1981:164) dui aan dat Paulus die antropologiese terminologie op ’n uitruilbare basis gebruik om na die mens te verwys en dat daar dikwels ook ’n betekenisoorvleueling ten opsigte daarvan is. Die ontleding van bogenoemde teksverse toon aan dat hierdie standpunt van Guthrie (1981) geldig is. Volgens Guthrie (1981:164) gee Paulus nooit ’n klinkklare definisie van die mens nie, maar gebruik hy eerder die verskillende antropologiese begrippe om die mens in sy voor-Christelike staat aan te dui met die potensiaal wat die mens in Christus kan bereik. Die vraag wat na vore kom is of die mens deur die vernuwing van die Heilige Gees ’n nuwe gees kry en of die mens se bestaande gees vernuwe word (Guthrie,1981:166)? Die ontleding van bogenoemde tekste bevestig Guthrie (1981:166) se gevolgtrekking dat daar geen sprake daarvan is dat iets nuuts tot die mens bygevoeg word nie.

Dit is dus duidelik dat Paulus se mensbeskouing verskil van die dualistiese mensbeskouing wat in die klassieke Griekse denke na vore kom. Paulus gebruik wel dieselfde antropologiese terminologie, maar hy heg ’n totale ander betekenis daaraan. Wanneer hy die verskillende begrippe naas mekaar gebruik verwys hy in die eerste plek na die mens wat in Jesus Christus nuutgemaak is en daarmee saam ook na die totaliteit van menswees. Daar is by hom geen sprake daarvan dat die mens ’n samestelling is van verskillende losstaande komponente wat na willekeur bygevoeg en weggeneem kan word nie. Die gevolgtrekking ten opsigte van 1 Tessalonisense 5:23 strook dus hiermee.

---

<sup>49</sup> Fil. 1:27 Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid (πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ) standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie, (Bybel 1983)

Fil. 1:27 ALLEENLIK, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel (πνεύματι, μιᾷ ψυχῇ), saam stry vir die geloof van die evangelie, (Bybel 1933)

### 3.5.5 Kontrole aan die hand van eksegetiese bronne: 1 Tessalonisense 5:23

Die geldigheid van die gevolgtrekking dat Paulus in 1 Tessalonisense nie 'n drieledige mensbeskouing voorhou nie gaan vervolgens aan die hand van 'n aantal eksegetiese bronne getoets word.

Volgens Hendriksen (1977:146-147) hou Paulus beslis nie 'n drieledige mensbeskouing in 1 Tessalonisense 5:23 voor nie. Verder dui hy aan dat die eenheidsgedagte dwarsdeur die brief gehandhaaf word (Hendriksen, 1977:142). Morris (1973:180) toon aan dat Paulus in 1 Tessalonisense 5:23 bid dat hele mens sonder blaam bewaar sal word. Verder dui hy aan dat die mening dat 1 Tessalonisense 5:23 'n drieledige mensbeskouing voorhou, die teks verder rek as wat geregverdig is (Morris, 1973:180-181). Bruce (1982:149-150) dui aan dat die grammatika aantoon dat die gebruik van liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχή / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) in 1 Tessalonisense 5:23 net nog 'n manier is om die begeerte vir hulle totale heiligmaking aan te toon. Volgens Bruce (1982:150) is daar nie regverdiging vir die siening dat die saamgebruik van die drie begrippe 'n drieledige mensbeskouing aandui nie. Du Preez (1998:1 Tess. 5:23)<sup>50</sup> meld ook dat Paulus nie besig is om die mens se wese te definieer nie, maar dat hy besig is om te bid dat die gelowiges in hulle ganse lewe aan God toegewyd sal word. Volgens Ellingworth & Nida (1994:126) gebruik Paulus die Griekse woorde (σῶμα, ψυχή en πνεῦμα), maar hy koppel 'n Hebreeuse betekenis daaraan wat die totaliteit van die mens se lewe telkens vanuit 'n ander gesigspunt aandui.

Dit is dus duidelik dat die gevolgtrekking dat 1 Tessalonisense 5:23 nie 'n drieledige mensbeskrywing voorhou nie ook deur verskeie kommentare ondersteun word. Paulus is dus nie besig om 'n uitgewerkte definisie van die mens voor te hou waarin die mens in sy verskillende komponente geskei word nie.

### 3.5.6 Kontrole aan die hand van dogmatiese bronne

Volgens Artikel 8 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is God enig in wese en tog onderskeie in drie persone (Booyens, 1980:61). Hierdie onderskeiding bring egter nie teweeg dat God in drie gedeeltes is nie (Booyens, 1980:62). Wanneer die Skrif dus na God die Vader verwys bedoel dit ook die Seun en Gees soos dit byvoorbeeld in 1 Korintiërs 6:18-20<sup>51</sup> duidelik na vore kom. In 1 Korintiërs 6:18-19 word die gelowiges vermaan om nie seksueel

---

<sup>50</sup> Elektroniese bron wat nie bladsynommer verwysings aangee nie.

<sup>51</sup> 1 Kor. 6:18-20 <sup>18</sup> Julle moet niks met seksueel losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. <sup>19</sup> Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: <sup>20</sup> julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik (Bybel 1983).

losbandig te lewe nie omdat die mens se liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is. Die verwysing na die Heilige Gees in hierdie teks bedoel dan ook die Vader en die Seun soos wat dit in 1 Korintiërs 6:20 bevestig word:

*Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik*

Net so verwys liggaam in bogenoemde teks nie na 'n afsonderlike onderdeel van die mens nie, aangesien die verwysing na liggaam tog nie beteken dat God net in die liggaam verheerlik moet word nie. Heyns (1999:124) bevestig hierdie argument deur daarop te wys dat die aparte ontstaan van die siel heeltemal vreemd aan die Skrif is omdat liggaam en siel in die Skrif so 'n eenheid vorm. Guthrie (1981:165) dui aan dat Paulus nooit die twee idees van liggaam en siel koppel in die beskrywing van 'n persoon nie, omdat beide verwys na die hele persoon. Die verskillende woorde soos liggaam, siel, gees, vlees en hart wat ten opsigte van die mens in die Skrif gebruik word, staan nie vir 'n vaste deel van die mens nie omdat die gebruik van hierdie woorde eenvoudig net na die mens self verwys (König, 2006:316).

König (2006:316) beskryf dit as volg:

*Die gedagte dat die mens uit twee of drie vaste dele bestaan, kom nie uit die Bybel nie, maar van sekere Griekse filosowe af. Die Bybel sien die mens as 'n eenheid en gebruik 'n hele aantal woorde vrylik in verskillende betekenisse om na aspekte van die lewe te verwys, maar nie na vaste dele nie.*

Uit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat die gebruik van terme soos byvoorbeeld liggaam, siel en gees uitruilbaar is en dat die gebruik van die een dus ook die ander insluit.

### **3.6 Gevolgtrekking: 1 Tessalonisense 5:23**

Uit die ontleding wat in hoofstuk 3 gedoen is, is dit duidelik dat Paulus in 1 Tessalonisense 5:23 besig is met 'n gebed waarin hy bid dat die gelowiges in Tessalonika met hulle hele lewe en wese aan God toegewy sal word sodat hulle geheilig sal wees met die wederkoms van Jesus Christus. Uit Paulus se briewe is dit duidelik dat hy nie 'n dualistiese of drieledige siening van die mens het wat liggaam en siel of liggaam, siel en gees as afsonderlike komponente van die mens sien nie.

#### **4 Hoofstuk 4: Gevolgtrekkings ten opsigte van die morele status van die embrio en die implikasies daarvan ten opsigte van stamselnavorsing.**

In hierdie hoofstuk gaan die bevindings van die vorige hoofstukke kortliks saamgevat word. Daarna gaan die implikasies van hierdie bevindings geweeg word om te bepaal watter invloed dit op 'n gereformeerde perspektief ten opsigte van die etiese kwessies wat uit stamselnavorsing na voort spruit, sal hê.

In hoofstuk twee is aangetoon dat stamselle merkwaardige boustene van die liggaam is wat die vermoë besit om beskadigde weefsel te herbou of te vervang. Stamselnavorsing bied hoop aan baie mense met ongeneeslike siektes omdat dit die potensiaal vir genesing inhou van siektes wat tot op hede as ongeneeslik beskou word, soos byvoorbeeld Alzheimersiekte, spinale rugbeserings, diabetes en hartsiektes. Ten spyte van hierdie potensiaal word stamselnavorsing deur groot kontroversie in die gesig gestaar, veral omdat embrioniese stamselnavorsing die vernietiging van menslike embrio's tot gevolg het.

Die vernietiging van embrioniese stamselle vir navorsingsdoeleindes word dikwels geregverdig met die argument dat die embrio nie menswaardig is nie omdat dit nog nie 'n siel besit nie. Dit bring dan mee dat die embrio slegs gesien word as iets wat die potensiaal het om in 'n mens te ontwikkel en wat dan eers op 'n latere stadium van ontwikkeling as menswaardig beskou kan word. Met hierdie argument is daar dus nie 'n morele probleem met van die vernietiging van embrio's tydens stamselnavorsing nie omdat die embrio nie menswaardig is nie en dus nie op die reg van lewe wat 'n mens besit, aanspraak kan maak nie. Hierdie argument berus op die voorveronderstelling van 'n dualistiese mensbeskouing wat liggaam en siel as twee aparte entiteite beskou.

Hierdie dualistiese mensbeskouing het sy oorsprong in die Griekse denkwêreld wat op Plato se filosofie berus. Plato het 'n skerp onderskeid getref tussen die siel, wat hy as verhewe beskou het, en die liggaam wat hy as minderwaardig beskou het. Plato se mensbeskouing oefen 'n groot invloed op die denke van ons moderne samelewing uit. Hierdie antropologiese terme van liggaam en siel uit die Griekse denkwêreld word ook in die Bybel gebruik en dit kom heel dikwels in die briewe van Paulus voor. Op een plek in 1 Tessalonisense 5:23 gebruik Paulus die terme liggaam, siel en gees naas mekaar.

Daar is diegene wat meen dat Paulus hier 'n definisie van menswees gee wat in pas is met Plato se dualistiese mensbeskrywing. Indien dit 'n geldige standpunt is, is die implikasie wat hieruit voortspruit dat embrionale stamselnavorsing ook vir die Christen nie 'n morele probleem skeep nie. Die embrio is dus slegs besig om na 'n mens toe te ontwikkel en daarom

is die embryo opsigself nie menswaardig nie. As die embryo nie menswaardig is omdat dit nog nie 'n siel het nie word die sesde gebod nie oortree wanneer 'n embryo tydens navorsing vernietig word nie.

Aan die ander kant is die argument egter ook dat 'n dualistiese mensbeskouing nie in die Bybel voorkom nie. Volgens hierdie benadering sou dit dan beteken dat daar geen tydstip is dat die mens 'n liggaam sonder 'n siel het nie. Dit impliseer dan verder ook dat 'n embryo ook 'n siel het. Indien die embryo van die begin af 'n siel het beteken dit dat die embryo 'n mens is wat besig is om te ontwikkel en daarom is die embryo menswaardig. Indien 'n embryo menswaardig is, beteken dit dat embrionale stamselnavorsing ten spyte van die potensiaal wat dit vir genesing inhou, afgewys moet word omdat die vernietiging van embryo's dan 'n oortreding van die sesde gebod sal wees.

In hoofstuk drie is daar in diepte eksegetiese ten opsigte van 1 Tessaloniense 5:23 gedoen om te bepaal of Paulus inderdaad hier 'n definisie van die mens gee wat in pas is met die dualistiese mensbeskrywing van die Griekse denkwêreld of nie. Volgens die eksegetiese wat gedoen is, is daar bevind dat die mensbeskrywing in hierdie teks geensins ooreenstem met die dualistiese mensbeskrywing van die Griekse denkwêreld nie. Die bevinding is ook getoets aan ander tekste in Paulus se briewe waar die terme liggaam (σῶμα / sōma); siel (ψυχὴ / psychē) en gees (πνεῦμα / pneuma) saam gebruik is. Daar is bevind dat alhoewel Paulus gebruik maak van die Griekse antropologiese terme hy telkens die Hebreeuse eenheids-betekenis van die totaliteit van menswees daaraan koppel.

Die implikasie wat dit dus inhou is dat die embryo inderdaad menswaardig is en daarom op die reg tot lewe kan aanspraak maak omdat dit van die begin af volledig mens in totaliteit is. Daar is dus nie 'n tydstip dat die embryo sonder 'n siel is nie, aangesien dit dan strydig sou wees met die eenheidswese van die mens wat in die Bybel na vore kom. Die embryo is dus 'n mens wat besig is om te ontwikkel en nie iets wat besig is om na 'n mens te ontwikkel nie. Dit impliseer dat die vernietiging van embryo's wat vir stamselnavorsing gebruik word afgewys moet word. Hiermee saam impliseer dit ook dat die vernietiging van embryo's wat met *in vitro* bevrugting gepaardgaan en daarmee tesaam aborsie op grond van die dieselfde argument afgewys moet word. Die implikasie vir volwasse stamselnavorsing is dat dit aangemoedig moet word omdat die morele kontroversie van embrionale stamselnavorsing nie daarby ter sprake is nie en dit die potensiaal het om verligting te bring vir ongeneeslike siektes.

Hierdie studie het egter nie ten doel om 'n finale antwoord op die saak te gee nie aangesien die omvang van die onderwerp baie wyer is as dit waarop in hierdie studie gefokus is.

## 5 Hoofstuk 5: Samevatting

Stamselnavorsing bied hoop aan baie mense omdat dit die potensiaal vir genesing van ongeneeslike siektes soos Alzheimer-siekte, spinale rugbeserings, diabetes en hartsiektes, inhou. Die morele dilemma wat egter hiermee gepaard gaan is dat embrionale stamselnavorsing meebring dat embryo's vernietig moet word in die proses. Om te bepaal of dit moreel geregverdig kan word, is daar besin oor die twee sienings: die mens is 'n dualistiese wese waar liggaam en siel geskei kan word en die siening dat die mens 'n eenheidswese is waar daar nie 'n onderskeid tussen liggaam en siel is nie. Indien die mens 'n dualistiese wese is, beteken dit dat die embryo nie menswaardig is nie omdat dit nog nie 'n siel het nie. Die embryo is dan slegs 'n entiteit wat besig is om in 'n mens te ontwikkel en daarom kan dit vir stamselnavorsingsdoeleindes vernietig word. Indien die mens egter 'n eenheidswese is, beteken dit dat die embryo menswaardig is omdat die siel 'n onskeibare element van die menswees is en dat die embryo dus ook 'n siel het. Die embryo word dus gesien as 'n mens wat besig is om te ontwikkel. Die embryo mag dus nie vernietig word nie omdat dit dan inderdaad 'n oortreding van die sesde gebod sal beteken.

Om te bepaal of die mens wel 'n eenheidswese is, is daar ondersoek ingestel of Paulus in sy briewe na die mens as 'n eenheidswese verwys of nie. Daar is bevind dat Paulus wel na die mens as 'n eenheidswese verwys. Die implikasie daarvan is dus dat embrionale stamselnavorsing afgewys moet word omdat die vernietiging van embryo's daarop neerkom dat mense doodgemaak word wat 'n oortreding van die sesde gebod is. Volwasse stamselnavorsing moet egter aangemoedig word omdat embryo's nie daardeur vernietig word nie en dit potensiaal het om verligting te bring ten opsigte van siektes wat tot op hede ongeneeslik was.

## Bibliografie

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C. M., METZGER, B. M., ROBINSON, M., & WIKGREN, A. 1993. The Greek New Testament, Fourth Revised Edition. Deutsche Bibelgesellschaft.

ANON, 2008. Where do stem cells come from? in International Society for Stem Cell Research. [Web] <http://www.isscr.org/science/faq.htm> (Datum van gebruik 17 Okt. 2010).

ANON, 2009a. Stem Cell Basics: What are the potential uses of human stem cells and the obstacles that must be overcome before these potential uses will be realized? . In Stem Cell Information. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/basics/basics6> (Datum van gebruik: 11 Jun. 2010.)

ANON, 2009b. Stem Cell Basics: Introduction . In Stem Cell Information [World Wide Web site]. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/basics/basics1> (Datum van gebruik: 11 Jun. 2010.)

ANON, 2010a. Stem Cell Basics: What are embryonic stem cells? In Stem Cell Information [World Wide Web site]. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/basics/basics3> (Datum van gebruik: 11 Jun. 2010.)

ANON, 2010b. Stem Cell Basics: What are adult stem cells? In Stem Cell Information. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/basics/basics4> (Datum van gebruik: 29 Sep. 2010.)

ANON, 2010c. In Stem Cell Information. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, <http://stemcells.nih.gov/info/glossary> (Datum van gebruik 16 Okt. 2010).

ANON, 2010d. dental pulp - Medical Definition. The American Heritage® Medical Dictionary. [Web] <http://medical.yourdictionary.com/dental-pulp> (Datum van gebruik 17 Okt. 2010).

AP, 2010. Vatican: Stem cell research ok. [Web] <http://www.news24.com/SciTech/News/Vatican-Stem-cell-research-ok-20100423> (Datum van gebruik: 20 Sep. 2010.)

AP, 2011. Vatican: biotech firm host stem cell meeting. [Web] <http://www.news24.com/SciTech/News/Vatican-biotech-firm-host-stem-cell-meeting-20111108> (Datum van gebruik: 8 Nov. 2011.)

BALZ, H. & SCHNEIDER, G. 1990. Exegetical Dictionary of the New Testament. Eerdmans: Grand Rapids, MI.

BOOYENS, M.J. 1980. Ons glo en bely. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*. Calvyn Jubileum Boekefonds : Potchefstroom.

BREED, D.G., VAN RENSBURG, F.J. & JORDAAN, G.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk. *Geslagtelikheid en die besondere dienste*. Potchefstroomse Teologiese Publikasies: Potchefstroom.

- BRUCE, F.F. 1982. The epistle to the Galatians. *A Commentary on the Greek Text*. Eerdmans : Grand Rapids. MI.
- BYBEL, 1933/53. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Britse en Buitelandse Bybelgenootskap: Kaapstad.
- BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Bybelgenootskap van Suid Afrika: Kaapstad.
- CHADWICK, R. 2010. History & Society : bioethics (in Encyclopedia Britannica eb.Com [Web] <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/65851/bioethics> (Datum van gebruik: 15 Okt. 2010))
- CHAUDRY, A. 2009. Stem Cell Bioengineering in The Scientific creative quarterly (4)2009, [Web] <http://www.scq.ubc.ca/stem-cell-bioengineering/> (Datum van gebruik: 12 Junie 2010.).
- COETZEE, J.C. 1975. Die blye Boodskap: 'n Gids deur die boeke van die Nuwe Testament. *I. Die briewe van Paulus*. Pro Rege: Potchefstroom.
- COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor. L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p.15-30).
- DEVOLDER, K. & HARRIS, J. 2007. The ambiguity of the embryo: Ethical consistency in the human embryonic stem cell debate. (*In* Gruen, L.; Grabel, L. & Singer, P. 2007. Stem cell research. The ethical issues. Oxford: Blackwell. p. 16-31.)
- DU PREEZ, J. 1998. Die briewe aan die Tessalonisense. N G Kerk-Uitgewers : Kaapstad.
- ELLINGWORTH, P. & NIDA, E. A. 1994. 2 Thessalonians. *A translator's handbook on Paul's letters to the Thessalonians*. United Bible Societies : London.
- FEINBERG, J. S., FEINBERG, P. D., & HUXLEY, A. 1996, c1993. Ethics for a Brave new world. Crossway Books: Wheaton, Ill.
- GEORGE, R.P. & Berg, T.V. 2007. Six stem cell facts – The Wallstreet Journal. [Web] <http://online.wsj.com/article/SB117384191108736444.html> (Datum van gebruik 25 Sep. 2009).
- GROENHOUT, R.E. 2009. A Reformed look at life and death choices. Faith Alive. : Grand Rapids, MI.
- GROENEWALD, E.P. 1998. Die Eerste brief aan die Korintiërs. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad.
- GUTHRIE, D. 1981. New Testament theology. Inter-Varsity Press: Downers Grove, Ill.
- GUTHRIE, D. 1996, New Testament introduction. Series taken from jacket. (4th rev. ed.). The master reference collection Inter-Varsity Press: Downers Grove, Ill.
- HAIMES, E. & TAYLOR, K. 2011. The contributions of empirical evidence to socio-ethical debates on fresh embryo donation for human embryonic stem cell research. *In Bioethics*, 25(6) 334-341.
- HENDRIKSON, W. 1977. New Testament Commentary. I & II Thessalonians. Baker Books: Grand Rapids, MI.
- HEYNS, J. 1999. Dogmatiek. NG Kerkboekhandel: Pretoria.



HUGHES, R. B., & LANEY, J. C. 2001. Tyndale concise Bible commentary. Rev. ed. of: New Bible companion. 1990.; Includes index. The Tyndale reference library. Tyndale House Publishers: Wheaton, Ill.

JORDAAN, G.J.C. 2004a. Gereformeerde Skrifuitleg vir preekmaak. *Inleiding tot Grammaties-Historiese eksegesië*. Diktaat: Potchefstroom.

JORDAAN, G.J.C. 2004b. Paulus: briewe – Chronologie van Paulus. Diktaat: Potchefstroom.

JORDAAN, G.J.C. 2006. Die binnewerk van die Griekse taal. *Handleiding vir eksegete en ander studente van Grieks*. Principia: Potchefstroom.

JORDAAN, G.J.C. 2007. Eksegese ten opsigte van 1 Tessalonisense 4:9-10. Diktaat: Potchefstroom.

JORDAAN, G.J.C. 2010. Komponensiële analise van χάρις in 2 Korintiërs 8:1. Diktaat: Potchefstroom.

KIRSCHSTEIN, R. & SKIRBOLL, R. 2010. Adult stem cell In Stem Cell Information. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, <http://stemcells.nih.gov/info/2001report/execsum> (Datum van gebruik 17 Okt. 2010).

KITTEL, G., FRIEDRICH, G., & BROMILEY, G. W. 1995, Theological dictionary of the New Testament. Translation of: Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. W.B. Eerdmans: Grand Rapids, MI.

KNOEPFLER, P. 2010a. Reducing teratoma risk from transplanted stem cells. [Web] <http://cirmresearch.blogspot.com/2010/07/reducing-teratoma-risk-from.html> (Datum van gebruik. 16 Okt. 2010).

KNOEPFLER, P. 2010b. The Monster Tumor: What is a teratoma really? [Web] <http://www.stem.ws/blog.php?s=the-monster-tumor-what-is-a-teratoma-really> (Datum van gebruik. 16 Okt. 2010).

KOCHAR, P.G. 2004. What Are Stem Cells? [Web] <http://www.csa.com/discoveryguides/stemcell/overview.php> (Datum van gebruik: 29 Sept 2010.)

KÖNIG, A. 1988. Bondgenoot en beeld. *Gelowig nagedink deel 4, oor die wese van die mens en die sonde*. NG Kerkboekhandel: Johannesburg.

KÖNIG, A. 2006. Die groot geloofswordeboek. Christelike uitgewersmaatskappy: Vereeniging.

LEVADA, W.C. & LADARIA, L.F. 2008. Dignitas Personae. *Vatican Instruction on Bioethics*. [Web] <http://www.usccb.org/comm/Dignitaspersonae/index.shtml> (Datum van gebruik: 15 Maart 2010.)

LIDDELL, H. 1996. A lexicon : Abridged from Liddell and Scott's Greek-English lexicon. Logos Research Systems, Inc: Oak Harbor, WA.

LOUW, J. P., & NIDA, E. A. 1996, Greek-English lexicon of the New Testament : Based on semantic domains (electronic ed. of the 2nd edition.) United Bible societies: NY.

- MANNINEN, B.A. 2007. Respecting human embryos within stem cell research: Seeking harmony. (In Gruen, L.; Grabel, L. & Singer, P. 2007. Stem cell research. The ethical issues. Oxford: Blackwell. p. 86-104.)
- MCMAHAN, J. 2007. The killing of embryo's for stem cell research. (In GRUEN, L.; GRABEL, L & SINGER, P. 2007. Stem cell research. The ethical issues. Oxford: Blackwell. p. 32-50.)
- MERRIAM-WEBSTER, I. 1996, Merriam-Webster's collegiate dictionary. Includes index. (10th ed.). Merriam-Webster: Springfield, Mass., U.S.A.
- MORRIS, L. 1973. The first and second epistles to the Thessalonians. The English text with introductions, exposition and notes. WM. B. Eerdmans: Grand Rapids. MI.
- MOUNCE, W.D. 2003. Basics of Biblical Greek grammar. Zondervan: Grand Rapids. MI.
- PALMER, C. 2004. Cures and Clones: Stem in the News. The Tech museum – Stanford school of medicine. [Web] <http://www.thetech.org/genetics/news.php?id=5> (Datum van gebruik: 12 Junie 2010.)
- PRETORIUS, E.C.A. 1998. Die brief aan Jakobus. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad.
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. *Ontwerp van zijn theologie*. J.H. Kok N.V. : Kampen.
- RHEEDER, A.L. 2002. Die menslike embrio – 'n reg op lewe? 'n Voorlopige teologies-etiese beoordeling. *In die Skriflig*, 36(3) 475-498.
- RHEEDER, A.L. 2008a. Stamselnavorsing en terapie: 'n oorsig oor die uitvoerbaarheid daarvan met meegaande implikasies. *In die Skriflig*, 42(3) 469-497.
- RHEEDER, A.L. 2008b. Stamselnavorsing en terapie: 'n Voorlopige teologies-etiese beoordeling. *In die Skriflig*, 42(4) 709-733.
- RHEEDER, A.L. 2009. Die waarde van menswaardigheid in bioëtik. *In die Skriflig*, 43(2) 315-340.
- ROACH, J. 2008. Stem cell breakthrough: No more need to destroy embryos? – Natinal Geographic News, [Web] <http://news.nationalgeographic.com/news/pf/21439713.html> (Datum van gebruik 17 Okt. 2009).
- ROBERTS, J.H. 1998. Die Eerste brief aan die Efesiërs. NG Kerk Uitgewers: Kaapstad.
- SANDEL, M. & GEORGE, R. 2004. Debating the Moral Status of the Embryo (In Harvard magazine Jul. – Aug 2004) [Web] <http://harvardmagazine.com/2004/07/debating-the-moral-status.html> (Datum van gebruik 17 Okt. 2010).
- SEMINATORE, C., POLENTES, J., ELLMAN, D., KOZUBENKO, N., SAMIR, V.I., TINE, TRITSCHLER, L., BRENOT, M., GUIDOU, E., BLONDEAU, J., LHUILLIER, M., BUGI, A., AUBRY, L., JENDELOVA, P., SYKOVA, E., PERRIER, A.L., FINSEN, B. & ONTENIENTE, B. 2010. The Postischemic Environment Differentially Impacts Teratoma or Tumor Formation After Transplantation of Human Embryonic Stem Cell-Derived Neural Progenitors. *Stroke*, Jan 2010; 41: 153 - 159. [Web] <http://stroke.ahajournals.org/cgi/content/full/41/1/153#R12-563015> (Datum van gebruik 16 Okt. 2010).

- TEO, A & CALLBREATH, D. 2006. Embryonic stem cells and a Reformed Christian world view: A response to Robert Boomsma. *Perspectives on Science and Christian Faith*, 58(3):179-188, Sep.
- TIZZARD, J. 2003. In vitro fertilization: Only for the infertile? (*In* Levinson, M. & Reiss, M. J. 2003. Key issues in bioethics. *A guide for teachers*. Routedge Falmer: London. p. 81-88.)
- TDNT (Theological dictionary of the New Testament). 1964-c1976. 10 vols. Eerdmans: Grand Rapids, MI.
- UNESCO, 2005. Universal Declaration on Bioethics and Human Rights. [Web] <http://unesdoc.unesco.org/images/0014/001461/146180E.pdf> (Datum van gebruik 29 Sep. 2012).
- VAN RENSBURG, F.J., DE KLERK, B.J., DE WET, F.W., LAMPRECHT, A., NEL, M. & VERGEER, W. 2008. Preekgeboorte. Van eksegeese tot preek. Potchefstroomse Teologiese Publikasies: Potchefstroom.
- VAN RENSBURG, F.J. 2009. 'n Oorsig oor die gedagte-opbou van 1 Tessalonisense. Diktaat: Potchefstroom.
- VAN ZYL, A. 1997, Die Bybel verklaar : 1983-vertaling. Verklarings oorspronklik in 1989 uitgegee saam met die Bybelteks onder die titel: Verklarende Bybel. Lux Verbi: Kaapstad.
- VORSTER, J.M. 2009. Die menswaardigheid van die menslike embrio: *Die debat tot dusver*. Ongepubliseerde diktaat.
- VORSTER, J.M. 2010. A deontological Christian ethical perspective on the moral status of the human embryo. Ongepubliseerde artikel.
- WALLACE, D. B. 1996. Greek Grammar Beyond the Basics - Exegetical Syntax of the New Testament. Zondervan Publishing House and Galaxie Software : Grand Rapids. MI.
- WALVOORD, J. F. & ZUCK, R. B. 1985. The Bible knowledge commentary : An exposition of the scriptures. Victor Books: Wheaton, IL
- WARREN, L., MANOS, P.D, AHFELDT, T., YUIN-HAN LOH, HU LI, LAU, F., EBINA, W, MANDAL, P.K., SMITH, Z. D., MEISSNER, A., DALEY, G. Q., BRACK, A.S. COLLINS, J.J., COWAN, C., SCHLAEGER, T.M., ROSSI, D.J., 2010. Highly Efficient Reprogramming to Pluripotency and Directed Differentiation of Human Cells with Synthetic Modified mRNA, Cell Stem Cell, In Press, Corrected Proof, Available online 30 September 2010, ISSN 1934-5909, DOI: 10.1016/j.stem.2010.08.012. [Web] [http://www.cell.com/cell-stem-cell/fulltext/S1934-5909\(10\)00434-0](http://www.cell.com/cell-stem-cell/fulltext/S1934-5909(10)00434-0) (Datum van gebruik 2 Okt 2010).
- WEINTRAUB, K. 2010. Technology Review: A New Way to Make Stem Cells. *Using RNA instead of DNA could avoid the health risks--and the political pitfalls--of stem-cell treatments*. [Web] [http://technologyreview.com/printer\\_friendly\\_article.aspx?id=26426](http://technologyreview.com/printer_friendly_article.aspx?id=26426) (Datum van gebruik 2 Okt. 2010).
- WINSLOW, T. 2010. In Stem Cell Information. Bethesda, MD: National Institutes of Health, U.S. Department of Health and Human Services, [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/2006report/defaultpage> (Datum van gebruik 16 Okt. 2010).

YU, J. & THOMPSON, J.A. 2010. 1. Embryonic stem cells (in Regenerative Medicine 2006. p.1 – 12). [Web] <http://stemcells.nih.gov/info/2006report/defaultpage>  
(Datum van gebruik 16 Okt. 2010).